Die NRSV was vertaal deur die "Division of Christian Education of the National Council of Churches" 'n humanistiese Christen groep. Dit word genoem die NRSV omrede dit 'n hersiening van die "Revised Standard Version" van 1952 was. Vrygestel in 1989 die NRSV het drie vertalings. Die "NRSV" wat die Ou en Nuwe Testament bevat het. Die "NRSV Common Bible" wat die Apropokriewes/ Deutrokanoniese boeke. Die "NRSV Katolieke Uitgawe" wat die Ou Testament boeke bevat in die Latynse Vulgaat se volgorde. Die NRSV was bedoel om voordeel te trek uit die ontdekkings wat gemaak was sedert die RSV gepubliseer was. Die NRSV het gekies om die argaiese taal se "thee" en "thou" te vervang. Hulle het ook die besluit geneem om nie spesifieke geslags aanduidings te gebruik nie. Veral in neutrale omstandighede waar dit geblyk het dat geslag nie hier van belang was nie.

Ek haal die volgende aan;

"sensitief vir die gevaar van linguistiese seksisme wat voortspruit uit die inherente vooroordeel van die Engelse taal teenoor die manlike geslag" (Voorwoord tot die NRSV vanaf die Nasionale Raad van Kerke se webwerf).

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE NRSV.

In die algemeen is die **NRSV** 'n goeie Bybel vertaling. Die feit dat die **NRSV** 'n Katolieke vertaling was wat die apokriewe boeke ingesluit het en dat die vertaling in sekere dele afgewyk het van geslags verwysing in die Bybel het dit ongewild gemaak in sommige kringe.

15.DIE "NEW CENTURY (NCV)" VERTALING.

Die NCY was 'n hersiene uitgawe van die "**International Children's Bible**" wat gerig was tot jong lesers en diegene wat lief was vir die Engelse taal. Die **ICB** was geskryf op 'n derde graadse vlak. Beide hierdie vertalings was konserwatief en evangelies. Die hersiene weergawe was gepubliseer in 1991. Onlangs was die **NCV** ook versterk deur studie notas en dus genoem die **NCV**. Hierdie jeug Bybel was hersien in 2007. Thomas Nelson het ook 'n vertaling gepubliseer wat genoem was die **NCV Clean**. Hierdie weergawe het die Nuwe Testament en die Psalms en Spreuke bevat. Volgens Thomas Nelson die publisierder van die **NCV** was die vertaling gegrond op die oorspronklike tale. 'n Span saamgestel uit die "**World Bible Translation Centre**" en vyftig addisionele geleerders met vertaal ondervinding met die vertaling van verskeie ander vertalings soos die NIV en die NASB. Die beste Hebreeuse en Griekse tekse was gebruik.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE NCV.

Hierdie vertaling was nie baie wyd aanvaar deur volwassenes nie, omrede dit 'n kinder Bybel was. Alhoewel daar niks kinderliks was in die Bybel nie en dit nie verkeerd was vir 'n volwassene om 'n kinder Bybel te lees nie, was dit egter 'n nadeel. Oor die algemeen is die NCV 'n baie goeie Bybel met 'n goeie balans.

16.DIE "VOICE" VERTALING.

Die "Voice" vertaling was geproduseer deur 'n ongewone vertalings metode deur taal geleerdes, kunstenaars, skrywers en musikante. Die "Voice" probeer om die poësie, humor en prag van die Bybelse dele weer te gee op 'n manier wat die leser dit sou kon aanvoel soos wat dit aangevoel kan word in die oorspronklike tale. Deur die teks as 'n literêre styl-storie aan te bied het die vertalers 'n verhoog aanbieding gevolg.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE "VOICE".

Die Voice is nie geskik vir 'n woord vir woord letterlike Bybelstudie nie, dus egter 'n baie aangename variasie om die boodskap van die Bybel in sy geheel te verstaan.

17.DIE "NEW ENGLISH (NEB)" VERTALING.

Die NEB is gepubliseer in 1970 deur die "Oxford University Press" en die "Cambridge University Press". Die NEB was 'n vars vertaling van die Bybel in moderne Engels vanuit die oorspronklike tale, Hebreeus, Grieks en Aramees en Latyn vir die apokriewe boeke. In 1935 naby die tyd wat die kopie reg op die ERV (hersiening van die KJV van 1611) sou verval het die "Oxford University Press" en die "Cambridge University Press" wat die kopiereg van die ERV gehad het navorsing begin doen of 'n moderne teks nodig is. In Mei van 1946 is daar besluit op 'n nuwe vertaling wat totaal in moderne Engels sou wees. Die Nuwe Testament was gepubliseer in 1961 en die hele Bybel in 1970. Dit was weer hersien en heruitgegee in 1989 as die Revised English Bible. Drie groepe van vertalers en een groep van literêre adviseurs het die opdrag gekry om die vertaling te doen. Elkeen van hierdie vertalingsgroepe was verantwoordelik vir 'n ander deel van die Bybel. Vir die Ou Testament het die vertalers hoofsaaklik die "Masoretic Text" en die "doeie see" rolle gebruik. 133 Asook die "Samaritan Pentateuch" en die "Greek Septuagint" en ander antieke manuskripte. Vir die Nuwe Testament het die vertalers staat gemaak op 'n groot verskeiding van manuskripte ingesluit die vroegste Griekse manuskript.

Ook is vroeë vertalings uit ander tale gebruik daar is ook swaar gesteun op die geskrifte van die kerkvaders. Die beginsel wat gebruik was was die "gedagte vir gedagte" metode.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE NEB.

Die NEB het nooit 'n groot aanhang geniet nie. Daar was niks besonders in hierdie Bybel nie en was nie so goed soos sy medingers nie. Baie van die verse het ook anders ge lees as wat dit tradisioneel ge lees was en dit was deur die meerderheid nie aanvaar nie.

18.DIE "AMERICAN STANDERD (ASV)" VERTALING.

Die "Revised Version, Standard American Edition of the Bible" meer bekend as die ASV, is 'n vertaling wat gepubliseer was deur Thomas Nelson en seuns in 1901. Die ASV was die basis vir vier ander vertalings; die "English Revised Version (1881-1885)" die "Amplified Bible (1965)", die "New American Standard Bible (1963-1971/1995)" en die "Recovery Version (1999)". Die ASV was ook die basis vir Kenneth N. Taylors Bybel parafrase, die "The Living Bible" wat gepubliseer was in 1971. Die ASV het staat gemaak op die formele "woord tot woord" letterlike vertalings metode.

Die Nuwe Testament teks wat gebruik was vir die ASV was die **"Westcott-Hort"** en **"Tregelles"** Griekse teks. Die 2015 uitgawe van die ASV Nuwe Testament volg die **"NestleAland"**. As gevolg van die gebruik van die **"Masoretic"** teks vir die Ou Testament is die naam **"HERE"** vervang met die naam **"JEHOVAH"** as vertaling van die **"tetragrammaton YHWH"**. Dit het die ASV gewild gemaak onder die Jehovas Getuies. Die ASV vorm dus ook die basis van die Jehovas se Bybel die **"New World Translation of the Holy Scriptures"**

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE ASV.

Die ASV word in die algemeen nie baie gebruik nie omrede die NASB daarop verbeter het en dit vervang het. Op sy tyd was die ASV 'n goeie vertaling asook 'n redelike akurate letterlike weergawe van die oorspronklike.

19.DIE "AMPLIFEID (AMP)" VERTALING.

Die **"AMP"** was die eerste Bybel projek van die **"Lockman Foundation"** in samewerking met **"Zondervan"**. Die eerste vol uitgawe van die **"AMP"** was gepubliseer in 1965. Die **"AMP"** was meestal 'n hersiening van die ASV van 1901 met verwysings na verskillende tekse in die oorspronklike tale. Die **"AMP"** was gepubliseer in ses fases.

Die evangelie van Johannes in 1954. Die Nuwe Testament in 1958. Die Ou Testament Volume 2 (Job - Maleagie). 1962. Ou Testament volume 1 (Genesis-Esther) 1964. Die volledige Bybel 1965. Hersiene uitgawe 1987. Die **"AMP"** probeer om beide die bedoeling van die woord asook die konteks in aanmerking te neem. Die **"AMP"** doen dit deur verklarende alternatiewe dele by te voeg. Hierdie sogenaamde **"amplifications"** staan die leser by om die teks beter te verstaan.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE AMP.

Die AMP kan 'n baie goeie studie Bybel wees as gevolg van die verskillende alternatiewe vertalings in die Bybel. Die probleem is egter dat alhoewel die alternatiewe lesings in die teks wel kan bedoel wat dit daar sê dit beslis nie alles bedoel wat daar gesê word nie. Die feit is dat alhoewel 'n woord verskillende betekenisse het dit nie beteken dat al die betekenisse van toepassing is elke keer as die woord verskyn nie. Die bedoeling van 'n woord word gewoonlik vasgestel in die konteks van die geheel.

20.DIE "NEW ENGLISH (NET)" VERTALING.

Die **NET** is 'n gratis internet Bybel. Gesponser deur die "**Biblical Studies Foundation (aka Bible.org)**". In November 1995 het 20 Bybel geleerdes begin werk aan 'n digitale vertaling van die Bybel direk uit die oorspronklike tale. Die doel was om 'n Bybel in Engels op die internet beskikbaar te stel wat kosteloos aangebied sou word. Die **NET** kleims dat dit totaal evangelies en interkerklik is. Die eerste uitgawe op die net was in November 2005 en kon afgelaai word heeltemal gratis. Dit was ook beskikbaar in die gedrukte media. Die eerste weergawe is saamgestel volgens die Protestante se kanon. Soos die **NIV** gebruik die **NET** 'n "**gedagte tot gedagte**" vertaling metode.

VOOR EN NADELE VAN DIE "NET".

Die Net is die vertaling wat meer na gekyk was as na enige ander vertaling in die geskiedenis van vertalings. In die algemeen is die NET 'n goeie vertaling alhoewel dit soms te dinamies is en baie kere intrepreteer en nie vertaal nie.

21.DIE "LEXHAM ENGLISH (LEB)" VERTALING.

Die **LEB** was gepubliseer deur die "**Logos Bible Software**" in 2012. Dit was alleenlik elektronies en gratis beskikbaar saam met die "**Logos**" program. Dit kon gratis afgelaai word in verskeie formate. Die basis van die teks van die LEB is die "**Lexham Hebrew-English Interlinear Old Testament**" en die "**Lexham Greek-English Interlinear New Testament**". Die **LEB** gebruik die formele woord tot woord vertalings metode en is dus 'n baie letterlike vertaling. Effens meer letterlik as die **NAS**. Die publisierders van die **LEB** het probeer om so deursigtig as moontlik te wees. Hulle het in die vertalings proses die interliner vertaling daar gestel wat die woorde in hulle oorspronklike volgorde behou. Om die letterlike teks meer leesbaar te maak het hulle die woorde wat nie in die oorspronklike sin was nie maarwat dit duideliker sou laat lees in kursief geplaas. Hulle het ook idiomatiese uitdrukkings wat moeilik was om tevertaal tussen hakies geplaas. Die interliner teks was geneem vanuit die "**Biblia Hebraica Stuttgartensia**" hoofsaaklik die "**Masoretic**" teks en die "**Greek New Testament (SBL Edition)**" en die "**Nestle-Aland 27th Edition of the Greek New Testament**".

Hierdie grondtekse was bygestaan deur die "*Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament and A GreekEnglish Lexicon of the New Testament*" en ander vroeër christelike literatuur.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE LEB.

Die grootste voordeel van die LEB is sy letterlike weergawe van die oorspronklike teks. Alhoewel die Leb 'n volwaardige vertaling is word dit aanbeveel dat dit saam met ander vertalings gebruik word.

22.DIE "REVISED STANDARD (RSV)" VERTALING.

Die **RSV** is 'n Engelse vertaling van die Bybel gepubliseer in die middel 20ste eeu. Die **RSV** kan sy geskiedenis terug voer na die William Tyndale's vertaling van 1525. Die **RSV** is 'n goed gekeurde hersiening van die ASV van 1901 en is een van vier vertalings wat die ASV as basis gehad het. In 1928 was die RSV hersien deur 32 geleerdes wat aangestel was deur die "*Council of Religious Education (ICRE)*". In 1950 het die ICRE saamgesmelt met die "*Federal Council of Churches*" om die "*National Council of the Churches of Christ in the USA*" Die **ICRE** word die nuwe "*Council's Division of Christian Education*" en die **NCC** word die amptelike sponser van die RSV. 139 In 1957 na 'n versoek van die Episcopal Kerk in Amerika is die Deutrokanonieke

ook by die RSV gevoeg. In 1965 was die **"Revised Standard Version Catholic Edition"** gepubliseer met 'n hersiene uitgawe deur die Ignatius Press in 2006. In 1971 die RSV was herdruk met die **"Second Edition of the Translation of the New Testament"**. Die **"Reader's Digest"** het 'n spesiale uitgawe van die RSV uitgegee genoem die kondens uitgawe van die teks. In 1989 het die **"National Council of Churches"** 'n kompleet hersiene uitgawe van die RSV gepubliseer wat genoem was die **"New Revised Standard Version"**. Dit was die eerste groot vertaling wat geslags neutrale woorde gebruik het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die kritiek vanuit die konservatiewe kringe nog feller geword het. Die RSV bly 'n gewilde vertaling onder christene, maar dit is moeilik om aan te skaf. Die rede daarvoor is dat die NRSV in die plek van die RSV gedruk word. Die RSV vertalers paneel het die 17de uitgawe van die Nestle-Aland Griekse teks gebruik vir die vertaling van die Nuwe Testament. Hulle het ook die tradisionele Masoretic teks gebruik vir die Ou Testament. In die boek van Jesaja volg hulle soms die lyne van die dooie see rolle. Die vertalings metode word gesien as 'n mengsel van die **"woord tot woord"** metode en die **"gedagte vir gedagte"** metode. Die vertalers van die RSV het die nuutste manuskripte gebruik en nie die Textus Receptus nie.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE RSV.

In die algemeen was die RSV redelik goed op sy tyd, maar die Rsv kan nie meer 'n morderne vertaling genoem word nie. Alhoewel dit meer morderne is as die KJV lees die Engels nie soos vandag se Engels nie.

23.DIE "CONTEMPORARY ENGLISH (CEV)" VERTALING.

Die CEV vertaling was gedoen deur die "**American Bible Society**" met die doel om 'n kontemporêre Engels vertaling daar te stel wat nie 'n kompromie sou aangaan nie. Die CEV was ook bekend as die "**Bible for Today's Family**", wat baie toeganklik was vir beide volwassenes en kinders met beperkte Engelse opleiding. In 1991 is die **CEV** Nuwe Testament vrygestel. Die **CEV** Ou Testament was vrygestel in 1995. In 1999 is die Apropokriewes en Deutrokanoniese boeke vrygestel. 'n Anglikaanse uitgawe is uitgegee deur die "**British**" en "**Foreign Bible Society**," wat metriekes ingesluit het. Die kontemporêre Engels vertaling het die "**gedagte vir gedagte**" gebruik. Die **CEV** het ook geslags sensitiewe woorde gebruik.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE CEV.

Die **CEV** is maklik om te lees en te verstaan maar soos al die vertalings wat nie die "woord tot woord" metode gebruik nie maar die "gedagte tot gedagte" is daar baie plekke wat gebruik gemaak word van intrepretasie in die plek van vertaling. Sommige meen dat die **CEV** meer 'n parafrase is as 'n vertaling. Die **CEV** is egter meer letterlik as parafrases soos die "Living Bible" en die "Message".

24.DIE "GOD'S WORD (GW)" VERTALING.

In 1995 het die "God's Word to the Nations Society" die **GW** gepubliseer. Die **GW** het sy begin gehad met 'n Nuwe Testamentiese vertaling die "The New Testament in the Language of Today: An American Translation" wat vertaal was deur 'n Lutherse predikant en kweekskool Profesoor William F.Beck in 1904-1966. In 1982 begin 'n hersiening van die Bybel deur Phillip Giessler 'n Pastoor van Cleveland, Ohio en sy paneel. Dit produseer nog 'n Nuwe Testament in 1988 met die titel; "New Testament: God's Word to the Nations (GWN)". In 1992 begin hulle met 'n nuwe vertaling vanuit die beste Hebreeuse en Griekse manuskripte wat beskikbaar is.

Vroeg in 1994 was die vertaling hernoem na **"GOD'S WORD"** voordat dit oorhandig was vir publikasie aan die **"World Bible Publishers"** wat dit publiseer in 1995. In 2008 het die regte vir die Bybel oorgegaan na die **"Baker Publishing Group."** Die GW vertalers het die sogenaamde **"naaste natuurlike ekwivalensie"** metode van vertaal wat die **"dinamiese ekwivalensie"** kombineer met gepaste Engelse maniere van uitdrukking om so na as moontlik aan die oorspronklike bedoeling van die skrywer te kom. Die **"naaste natuurlike ekwivalensie"** probeer om die onakuraatheid van die **"woord tot woord"** en die **"ooreenvoudigheid"** van die **"gedagte tot gedagte"** te vermy. Dus gebruik GW feitlik 'n perfekte Engels om die oorspronklike in duidelike en verstaanbare Engels weer te gee.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE GW.

Die GW sou 'n goeie werk gewees het as dit die eerste Engelse vertaling was wat vandag gedoen was. Ongelukkig volg dit 'n 400 jaar Bybel vertaling tradisie. Nuwe vertalings volg meestal die roete wat hulle vertalers gewoond is om dit te hoor of te lees in ander vertalings. Ongelukkig in hulle poging om hierdie roete te vermy het die vertalers van GW meer ge-intrepreteer as vertaal.

25.DIE "COMMON ENGLISH BIBLE (CEB)." VERTALING.

Die CEB is 'n nuwe vertaling. Dit is nie 'n hersiene of opdatering van 'n bestaande vertaling nie. Die werk aan die CEB het laat 2008 begin en was voltooi in 2011. Die meeste van die CEB Bybels sluit in die 14 nie kanonieke boeke van die apokriewe. Die doel van die CEB vertalers en publiseerders, die "Christian Resources Development Corporation (CRDC)" was tweeledig; om 'n gladde en leesbare ondervinding daar te stel, veral vir jong mense. Die Bybel is dus geskryf op 'n vlak waar almal dit kan verstaan. Volgens die voorwoord was die CEB daar gestel as gevolg van 'n bekommernis dat daar nie 'n vertaling is wat akkuraat is en verstaanbaar is nie. Wat natuurlik nie waar is nie, omrede daar vele vertalings is wat verstaanbaar is. Die CEB was geproduseer deur verskeie denominasie drukkers. Chalice Press (Disciples of Christ), Westminster John Knox Press (Presbyterian Church, USA), Church Publishing, Inc. (Episcopal Church), Pilgrim Press (United Church of Christ), and Abingdon Press (United Methodist Church). Die CRDC gebruik die werke van meer as 117 Bybel geleerders van 22 verskillende denominasies. Die CEB was getoets in 13 verskillende denominasies.

Die publiseerdes van die CEB het 'n balans tussen die "woord tot woord" metode en die "gedagte tot gedagte" metode gebruik om die beste akurate weergawe in maklike taal daar te stel. Hulle doel was om 'n Bybel daar te stel op die selfde vlak as die "USA Today" nuusblad. Die vertalers van die CEB het die "Nestle-Arland Greek New Testament" as basis gebruik vir die Nuwe Testament asook die "Biblia Hebraica Stuttgartensia, the Biblia Hebraica Quinta" die dooie see rolle en die Septuagint.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE CEB.

Oor die algemeen het die CEB sy doel bereik en is dit 'n goeie Bybel alhoewel sommige aanstoot sal neem as gevolg van die werklike eenvoudige taal gebruik.

Byvoorbeeld:

Ezekiel 23:20.

"She lusted after their male consorts, whose sexual organs were like those of donkeys, and whose ejaculation was like that of horses" (CEB).

Daar word ook op sommige plekke na Jesus verwys as die "Human One" en nie "The Son Of Man" nie. Behalwe dat dit 'n betreklike korrekte vertaling is neem die taal gebruik die waarde van hierdie vertaling weg.

26.DIE "THE 21ST CENTURY KING JAMES (KJ21)" VERTALING.

Die KJ21 is gepubliseer deur "Deuel Enterprises, Inc. (Gary, South Dakota" in 1994. Die KJ21 vertaling van die Bybel het gepoog om die heilige boodskap en pragtige taal van die KJV te behou. Terselfdertyd het hulle gepoog om dit leesbaar te maak vir die algemene leser. Hersien deur William D.Prindle van Deuel Enterprises. Die hersiening was gedoen deur staat te maak op die oorspronklike geleerdheid, vaardighede en toewyding van die oorspronklike vertalers van die KJV, wat die toets van tyd deur staan het vir 4 eeue. 'n Hersiene uitgawe met die aprokriewe boeke is gepubliseer in 1998 as die "Third Millennium Bible." Die KJ21 is gebaseer op die KJV van 1611. Dit is nie 'n nuwe vertaling nie, maar 'n versigtige hersiening van die KJV deur woorde wat nie meer bestaan nie en wat van mening verander het te vervang met morderne leesbare woorde. Die bron van hierdie veranderde woordeskat was die "Webster's New International Dictionary, Second Edition, unabridged". Spelling, leestekens en hoofletters was ook hersien. Alle taal gebruik verwysend na geslagsteologie in die KJV het dieselfde gebly soos dit in die KJV is. Ook is die kruisverwysings soos wat dit in die KJV is behou.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE KJ21.

Die KJ21 het nooit werklik veld gewen by die algemene lesers nie omrede die lojaliteit teenoor die KJV. Dit is jammer omrede die KJ21 'n baie meer leesbare en verstaanbare vertaling as die 1611 KJV is. Die KJ21 is een van die beste vertalings wat daar is.

27.DIE "MORDERN KING JAMES (MKJV)" VERTALING.

Daar was verskeie pogings om die 1611 KJV meer morderne te maak. Die twee vertalings wat die bekendste is is die "New King James" en die "21st Century King James Bible", naas die twee was daar ook die "Third Millennium Bible" die "American King James" vertaling, die "Updated King James" vertaling, die "New Authorized" vertaling. Die "King James Version Corrected Edition" en vele meer. Die MKJV is dier nuutste gepubliseer in 2014. Hierdie hersiening was gedoen deur Jay P. Green tussen 1962 en 1998. Oorspronklik is daar verskeie uitgawes gepubliseer. Green se doel was om die "archaic" taal van die KJV te verwyder. Sedert die publikasie van die 1611 KJV het die woorde ook heelwat verander. Ook wou hy die dele wat die KJV geparafraseer het en nie direk vertaal het nie.

Hoekom was daar soveel pogings om die KJV op te gradeer en hoekom was daar nog nie een wat dit kon reg kry nie. Van al die pogings was dit net die **"NKJV"** wat 'n mate van sukses behaal het om die KJV te vervang. Die probleem was nie met die kwaliteit van hierdie vertalings nie, alhoewel nie almal kwaliteit was nie. Die ongelooflike invloed van die **"King James Only Movement"** was die oorsaak daarvoor en sal nog lank die invloed hê. Die geweldige lojaliteit is teenoor die KJV self en nie teenoor die **"Textus Receptus"** as sulke nie. Die **"King James Only Movement"** se weiering om enige ander vertalings te oorweeg maak hersienings van die KJV onmoontlik.

28.DIE **"JERUSALEM BIBLE (JB)"**

Die JB of TJB is 'n Rooms Katolieke vertaling van die Bybel wat aan die publiek bekendgestel was in 1966. as 'n Roomse Katolieke Bybel was nie net die deuterokanonieke boeke ingesluit maar ook verskeie notas en inleidings. In 1943 het Pope Pius XII 'n brief gegee waarin hy toestemming gee dat 'n Engelse vertaling gedoen kan word op die Griekse en Hebreeuse manuskripte eerder as op die Latin Vulgaat. Die JB kry sy naam en karakter van 'n Franse vertaling genoem **"La Bible de Jérusalem"**.

Die Franse vertaling was gepubliseer in 1956 en hersien in 1961, en was voorberei by die Fakualiteit van die **"Dominican Biblical School"** in Jerusalem op die basis van die Grieks en Hebreeus. Die JB was vertaal vanaf die Franse vertaling. In 1985 was die Engelse vertaling opgegradeer. Hierdie nuwe vertaling nou genoem die NJB was vars vertaal vanaf die oorspronklike tale en is nie verbind aan enige Franse vertaling nie. Hierdie vertaling vanaf die Hebreeus en Grieks was letterlik met die notas en inleidings van die **"hoër kritiek"** gedoen. Hierdie metode het veroorsaak dat die vertalers tot verskeie foute in hulle denke gekom het. Hulle het onder andere gereken dat die pentateug nie geskryf was deur Moses nie. Die vertalers het 'n **"mid-Atlantic"** metode gebruik. Die bekende outeur van die reeks **"Lord of the Rings"** J.R.R.Tolkien het bygedra by die vertaling van die boek Jona. Tolkien was op ander plekke van die vertaling ook betrokke.

DIE VOOR EN NADELE VAN DIE JB.

Oor die algemeen is die JB of die NJB 'n goeie vertaling. Baie min invloed van die Roomse Kerk word in die Bybel gesien. Die **"hoër kritiek"** metode van die vertalers is kommer wekkend maar maak in werklikheid baie min inpak op die vertaling. Dit word egter nie aanbeveel om as 'n losstaande vertaling te gebruik nie.

29.DIE "GOOD NEWS BIBLE".

Die volgende vertaling wat gevolg het was die "Good News Bible" van 1966. Hierdie was alles behalwe "Goeie Nuus". In die eerste uitgawes van hierdie Bybel was genoem "Good News For Modern Man. (The New Testament in today's English)". Dit was gepubliseer in 1966. In hierdie uitgawe het die woord "maagd" nog voor gekom in die gedeeltes waar verwys word na die geboorte van Christus. Daarna is die volle "Good News Bible" gepubliseer in 1976. In hierdie uitgawe is die woord "maagd" weggelaat uit Lukas 1:27 maar dit was nog in Lukas 1:34 en Matteus 1:23. Behalwe dat die bonatuurlike geboorte van Christus in hierdie Bybel aangetas was het hulle ook die "bloed" van Christus op verskeie plekke uitgelaat of vervang met die woorde "dood" of "costly sacrifice". Albei goeie woorde om te gebruik maar nie woorde wat gekies was deur die Heilige Gees nie. Die dwalende idees van die hoof vertaler Dr. Robert Bratcher verklaar baie duidelike hoekom hierdie vertaling in baie plekke die Goddelikheid van Christus misken of totaal uitlaat. Hierdie Bybel is een van die swakste vertalings van alle tye. Tog is daar miljoene versprei danksy die ondersteuning van Billy Graham en Bill Bright en ander evangelie leiers.

30.DIE "THE LIVING BIBLE."

Die volgende Bybel wat ons onder oë gaan neem is die "Living Bible" Die "Living Bible" is gepubliseer in 1967,1971. Hierdie was nie n vertaling nie maar 'n "parafrase". Hierdie Bybel was ook hoog aanbeveel deur Billy Graham en ander voor aanstaande geestelike leiers. Hierdie Bybel lees baie lekker maar ten koste van baie Bybelse waarhede. Die vertaler van hierdie Bybel, Ken Taylor - het gesê dat sy vertaling nie n "word vir woord" vertaling is nie, maar 'n "gedagte vir gedagte" vertaling. Dis 'n parafrase en word verwys na as die "dinamiese vertalings metode". Hierdie metode is uiters gevaarlik. Dit poog om die gedagtes van die skrywer neer te pen. Dit kan lei dat ons die gedagtes van die skrywer kan laat sê wat ons wil hê dit moet sê. Taylor het ook erken dat hy die grootste gedeelte van sy werk gesteun het op die "ASV". (self n korrupte vertaling). Die "Living Bible" (sy Afrikaanse weergawe (die Lewende Bybel) het die woord van die Here geweldig af gewater.

31.DIE "THE NEW AMERICAN STANDARD VERSION. (1960.1971)."

Die NASV was bedoel om die Bybel te wees vir die "konserwatiewes". Die voorwoord in die Bybel sê soos volg; "has been produced with the conviction that the words of Scripture as originally penned in the Hebrew and Greek were inspired of God". Die basiese probleem met hierdie vertaling is opgesluit in die volgende aanhaling; "This translation follows the principles used in the American Standard Version 1901 known as the Rock of Biblical Honesty."

Die vraag is egter, wie het hierdie vertaling daardie titel gegee? Dis gebaseer daarop dat hierdie vertaling gedoen is uit die 23ste weergawe van die "Nestle Greek New Testament". Hierdie is die hart van die probleem met die nuwe vertalings. Meeste van hierdie sogenaamde "Bybels" se fondasie rus op die korrute "WestcottHort" Griekse teks en nie op die "Textus Receptus" nie. Die woord "maagd" verskyn wel in Jesaja 7:14 maar daar is 'n voetnota wat sê "or, young woman" - Verse soos Matheus 18:11 en Matheus 23:14 word in hakies geplaas met 'n voetnota "most ancient manuscripts omit this verse" of "this verse is not found in earliest manuscripts"

'n Korrupte Griekse teks word dan nou die basis waarop vrae ontstaan oor die hele vers. In 'n ander geval soos Lukas 24:40 verskyn die no. van die vers met 'n nota **"sien voetnota"**. In die voetnota lees ons dan die volgende; **"some ancient Mss. Ad verse 40"**. 'n Mens wonder of die vertalers van die **NASV** vasberade was om alles wat uitgelaat of toegevoeg was aan te teken, totdat jy besef dat sommige dele is weggelaat **"sonder enige verduideliking"** soos in Kollosense 1:14 en Timotheus 6:5.

32.DIE **"WYCLIFFE"** BYBEL.

John Wycliffe was 'n Oxford professor wat geleef het tussen 1329nC tot 1384nC. As teoloog was hy bekommerd oor die groeiende krag, korrupsie en rykdom van die Pousorde van die Rooms Katolieke kerk. Wycliffe begin om homself uit te spreek teen die kerk asook te skryf oor die afval. Hy het sterk daarop gewys dat die kerk in dwaling verkeer. Hy het begin preek dat saligheid was alleen deur die werk van Christus aan die kruis en nie deur die kerk nie. Soos wat Wycliffe bekend begin raak het die kerk van hom notisie geneem. Uiteindelik het hulle Oxford gedwing om hom uit sy posisie te sit. Wycliffe was van mening dat die Engels sprekendes die Bybel in hulle eie taal moet hê.

In 1380 het hy die eerste vertaling van die Nuwe Testament voltooi en twee jaar later was die hele Bybel klaar. Alhoewel Wycliffe die vertaling gesponser het en hy deur die kerk verantwoordelik gehou was is dit duidelik dat daar verskeie ander ook aan die vertaling gewerk het. Ongeveer 60 jaar voor die uitvinding van die drukpers was die Wycliffe Bybel gepubliseer en gekopie met die hand. Die eerste uitgawe van die vertaling was 'n "woord vir woord" vertaling van die Latynse Vulgaat. (die aanvaarbare manuskrip van die Roomse Kerk) in die sogenaamde "middel Engels" die taal van "Chaucer". Die vertaling volg die Latyn so naby dat die Engels baie kere onverstaanbaar raak. Ses jaar na die uitgawe van die hele Bybel en vier jaar na die dood van Wycliffe het John Purvey 'n hersiene weergawe gepubliseer was baie meer leesbaar in Engels was. Die Bybel was die dominante Engelse Bybel tot die vertaling van William Tyndale amper 150 jaar later. Die Katolieke Kerk het die Wycliffe Bybel verwerp. Enige iemand wat gevang word dat hy die Bybel lees was hoog beboet. Sommige ondersteuners was op die brandstapel gesit met die Wycliffe Bybel om hulle nekke vasgemaak. Hierdie handeling het egter gemaak dat meer mense die Bybel begin lees het. By die "Council of Constance (1414-1418)" was Jan Huss een van Wycliffe se volgelinge veroordeel en op die brandstapel verbrand.

Wycliffe se boeke was ook verbied en sy bene is op 'n geleentheid opgegrawe en verbrand en die as verstrooi. As gevolg van Wycliffe se leringe en vertaling van die Bybel word daar na hom verwys as die **"Morning Star"** van die hervorming. Vandag is die Wycliffe vertaling volop verkrygbaar in beide die **"middel Engels"** asook **"morderne Engels"**. Die **"Wycliffe Bible Translators"** is 'n organisasie wat poog om die Bybel in alle tale daar te stel. 'n Werk wat Wycliffe amper 800 jaar gelede begin het.

33.DIE **"TYNDALE"** BYBEL.

William Tyndale was 'n 16de eeuse Protestantse Hervormer en geleerde wat beïnvloed was deur die werk van Erasmus en Martin Luther. Soos Luther was Tyndale oortuig dat die weg na God was deur die woord van God en moes vrylik in die taal van die mense beskikbaar wees. In die gesig gestaar deur die selfde teenkanting van die Roomse Kerk soos wat Luther ondervind het, het Tyndale die volgende gesê: **"I defy the Pope, and all his laws; and if God spares my life, I will cause the boy that drives the plow to know more of the Scriptures than the Pope himself!"** Tyndale se vertalings was verwerp deur beide die Roomse Kerk en die Koning van Engeland.

Na die publikasie van Tyndale se Nuwe Testament het die Roomse Kardinaal Wolseley vir Tyndale as 'n ketter verklaar. Tyndale word in 'n oop hof in Januarie 1529 amptelik as 'n ketter verklaar. Na jare in ballingskap en nadat hy sy vertaling voltooi het word hy gevang en voor die hof gedaag. In 1536 word hy tot die dood veroordeel en verbrand op die brandstapel. Sy laaste woorde was; **"Lord! Open the king of England's eyes."** Tyndale se vertaling word gekrediteur as die eerste Engelse vertaling wat direk uit die Hebreeus en die Griekse tekse vertaal was. Dit was ook die eerste massa produksie van 'n Bybel. In 1522 het Tyndale onwettig 'n kopie van Martin Luther se Nuwe Testament in Duits bekom. Hy het die vertaling na gedoen maar in Engels. Die eerste volledige uitgawe van sy Nuwe Testament verskyn in 1526 met hersiene weergawes in 1534 en 1536. Sedert Tyndales dood in 1536 was sy werk verskeie kere hersien en gepubliseer. Tyndale het verskeie bronne gebruik vir sy vertaling van beide die Nuwe Testament en die Ou Testament. Tyndale het Erasmus se Griekse en Latynse Nuwe Testament asook Luther se Duitse vertaling en die Vulgaat gebruik.

34.DIE "COVERDALE" VERTALING.

Die "**Coverdale Bybel**" was vernoem na sy vertaler Myles Coverdale en was gepubliseer op 4 Oktober 1535 in Europa. Dit was die eerste Engelse Bybel wat gedruk was en nie met die hand geskryf was nie en het die volledige Nuwe Testament asook die Ou Testament bevat. Voor die Coverdale Bybel was daar verskeie pogings. Die Wycliffe Bybel was die eerste Engelse Bybel ooit en was met die hand geskryf. Dit was in die 14de eeu. 'n Eeu later het Johannes Gutenberg die drukpers ontwikkel en dadelik 'n Latynse Bybel gedruk. Martin Luther het sy Bybel vertaling in Duits gedoen in 152 en William Tyndale het sy Nuwe Testament in 1525/6 gedoen. Tyndale se vertaling was gegrond op die Erasmus teks. Wycliffe het vertaal vanaf die Latyns Vulgaat. Myles Coverdale gebruik die Nuwe Testament van die Tyndale Bybel vir die Coverdale vertaling en voltooi Tyndale se werk aan die Ou Testament en die Apropokriewe boeke. Eerder as om van die Hebreeuse teks te vertaal het Coverdale die "**Duitse**" vertaling van Luther gebruik. Hy het ook Ulrich Zwingli's "**Zürich Bybel**" en die "**Latynse Vulgaat**". Die het hy gebruik as basis vir die Ou Testament.

Die **Coverdale Bybel** was besonder akkuraat tenspyte van die feit dat baie van die vertaling slegs 'n vertaling van 'n vertaling was en nie die oorspronklike tale nie. Coverdale was die eerste vertaler wat gebruik gemaak het van hoofstuk opsommings. Die tweede uitgawe van die **Coverdale Bybel** was gepubliseer in 1537 in Engeland met die goedkeuring van King Henry VIII. Tydens die verdrukking het Myles Coverdale en verskeie hervormers na Geneva Switserland gevlug waar hulle begin werk het aan die **Geneva Bybel** in 1557. Hierdie was 'n baie populêre vertaling en was die eerste Bybel wat hoofstukke en verse bevat het. Myles Coverdale het die studie notas vir die Bybel geskryf. Hy het gesterf voordat sy uitgawe gepubliseer was. Die Coverdale Bybel het meer as 20 herdrukke beleef, self nadat die **"Matthew"** Bybel verskyn het wat gepubliseer was deur John Rogers in 1537.

35.DIE **"GREAT BIBLE"** VERTALING.

Die **"Great Bible"** ook bekend as die **"Cromwell Bible"** die **"Whitchurch's Bible"** en die **"Chained Bible"** was gepubliseer in Engeland in 1539. Die **"Great Bible"** was die eerste sogenaamde **"gemagtigde"** vertaling van die Bybel in Engels. Tot en met die Bybel was dit onwettig om Bybels te druk of te versprei in Engeland.

Koning Henry VIII het hierdie Bybel gemagtig sodat daar 'n Bybel kon wees wat gedurende die kerk dienste gelees kon word. As opsiener van hierdie werk was Thomas, Lord Cromwell die sekretaris van die Koning en Myles Coverdale wat reeds die Coverdale Bybel gepubliseer het. Teen die end van 1541 was daar reeds sewe herdrukke van die **"Great Bible"** in Engeland. Thomas Cranmer die Aartsbiskop van Canterbury het die voorwoord van die tweede uitgawe geskryf. Meeste van die **"Great Bible"** is identies met die **"Tyndale Bybel"**, die werk van William Tyndale. Dele van die Tyndale Bybel se Ou Testament was nog nie voltooi tydens die dood van Tyndale nie en is deur Myles Coverdale voltooi. Die **"Great Bible"** was ook baie dieselfde as die **"Matthew"** Bybel wat deur John Rogers vertaal was in 1537.

Die **"Great Bible"** as die eerste gemagtigde Engelse Bybel het 'n groot invloed gehad op komende vertalings soos die King James en die Bishops Bybel. Die **"Great Bible"** was genoem **"groot"** omrede dit letterlik 'n groot Bybel was. Dit was ongeveer 14 sentimeter hoog. Die **"Great Bible"** was bedoel om 'n kansel Bybel te wees en was baie keer vas geketting aan die kansel om te verhoed dat iemand dit verwyder. Daarom die bynaam **"Chained Byble"**.

Die drukker was Edward Whitchurch en dit is die rede hoekom na die "**Great Bible**" ook die "**Whitchurch Bible**" genoem was. Die "**Great Bible**" was toegelaat in kerke. Dit kon nie huis toe geneem word vir persoonlike studie nie. Die "**Great Bible**" was 'n belangrike brug. Dit was die eerste wettige Bybel in Engeland. Dit was 'n groot stap vorentoe in Godsdiens vryheid. Dit het egter die beperking gehad dat dit net in die kerk kon gelees word. Die Hervormers se droom was dat die Bybel in elke huis in Engeland sou wees.

36.DIE "**BISHOP'S**" BYBEL VERTALING.

Die "**Bishop's**" Bybel was 'n Engelse vertaling wat onder die outoriteit van die Kerk van Engeland in 1568 gedoen was. Die kerk se Biskoppe het aanstoot geneem teen die "**Geneva**" Bybel waarvan die notas oorwegend Calvinisties was. Die "**Great Bible**" was die enigste gemagtigde Bybel van die Anglikaanse kerk. Die Bybel was egter meestal uit Latyn gedoen en die Anglikaanse kerk het gevoel dat dit tyd was vir 'n nuwe vertaling. Dit het aanleiding gegee vir die geboorte van die "**Bishop's**" Bybel. Die eerste uitgawe was 'n groot Bybel met 124 volkleur illustrasies. Dit was hersien in 1572 en hierdie uitgawe word beskou as die basis van die King James Bybel van 1611. Die King James het die standaard Bybel van die Kerk van Engeland geword.

Saam met die "Great Bible" en die "King James" Bybel was die "Bishop's" Bybel gemagtig om gelees te word in die kerk. Die "Geneva" Bybel was egter die gewilde een wat by die huis gelees was. Die teks van die hersiene weergawe van 1572 het versigtig die Calvinistiese notas en kruis verwysings uitgelaat. Die wysheid van die gewone mense kom hier skerp na vore in die volgende statistieke. Die "Bishop's" Bybel het deur 50 hersienings gegaan terwyl die "Geneva" Bybel meer as 150 keer in die geheel herdruk was sonder enige hersienings. Onder die leiding van Koningin Elizabeth I, wat 'n liefde vir die "Puritans" en hulle Calvinistiese dogma gehad het. Die Aartsbiskop van Canterbury, Matthew Parker, homself 'n geleerde, het die taak op homself geneem vir 'n alternatiewe vertaling teenoor die "Geneva" Bybel. Dele van die teks was toegeken aan verskeie hersieners waarvan die meederheid Biskoppe was. Tenspyte van hulle teenkating van die "Geneva" Bybel as gevolg van die Bybel se openlike keuse van leke ouderlinge en kerk leiers teenoor die "geestelike gedrewe paradigma" van die Anglikaanse Kerk, het hulle gedisiplineerd aan die nuwe vertaling gewerk. Dus het die "Geneva" Bybel die basis gevorm van die "Bishop's" Bybel. Die notas van die "Geneva" Bybel is egter totaal uitgehaal. Dit is grootliks hoekom die "Geneva" Bybel die gewilde Bybel gebly het en nooit deur die "Bishop's" Bybel oorgeneem was nie.

37.DIE "DOUAY-RHEIMS (DRV)" VERTALING.

Die "Douay-Rheims" vertaling wat die apokriewe bevat het is die fondasie van alle Engelse Rooms Katolieke Bybels. Dit was vertaal deur Gregory Martin 'n Oxford geleerde wat onder die sponserkap van William Allen later Kardinaal Allen gewerk het. Die Nuwe Testament verskyn by Rheims in 1582. die Ou Testament at Douay in 1609. Die hele "Douay-Rheims" Bybel was hersien en deeglik vergelyk met die Latynse Vulgaat deur Biskop Richard Challoner in 1749-1752. Die notas in die Bybel was gedoen deur Challoner. Die "DR" Bybel was fotografies gedupliseer van die 1899 uitgawe van die "John Murphy Company, Baltimore, Maryland, by Tan Books in 1971." Die "Douay-Rheims" Bybel is 'n vertaling na Engels uit die Vulgaat Bybel wat St.Jerome (342-420) gedoen uit na Latyn vanuit die oorspronklike tale. Die Vulgaat het gou die amptelike Bybel geword wat gebruik was in die "Latin Rite" van die Katolieke Kerk. In die voorwoord gee die vertalers van die 1582 "DRV" Nuwe Testament, 10 redes hoekom hulle die Vulgaat as die hoof teks gebruik het en nie die Hebreeus en Griekse tekse. Een van die redes was dat die Vulgaat beter was.

Ek haal aan;

"is nie net beter as alle ander Latynse vertalings nie, maar as die Griekse teks self, op daardie plekke waar hulle verskil."

Die **"DR"** Bybel is nie totaal 'n swak vertaling nie, maar die probleem is dat dit 'n vertaling van die Latynse Vulgaat is en nie 'n vertaling van die oorspronklike tale nie. Bedoeling en helderheid gaan altyd verlore met 'n vertaling vanaf 'n ander vertaling. Ook is daar in verskeie plekke gebruik gemaak van intrepretasie en nie van vertaling nie.

38.DIE **"LUTHER"** VERTALING.

Die **"Lutherse"** Bybel is 'n Duitse vertaling vanuit Hebreeus en antieke Grieks deur Martin Luther en Philip Melanchthon en ander assistente. Soos al die Hervormers het Luther ook geglo dat die Bybel was die enigste bron van ware kennis en dat die man op straat sy eie Bybel in sy eie taal moes hê. Die Nuwe Testament van die **"Lutherse"** Bybel was gepubliseer in 1522 en die volledige Bybel was gepubliseer in 1534. Luther het gestudeer by die Universiteit van Erfurt waar hy goeie kennis van Hebreeus en Grieks en Latyn opgedoen het. Hy het ook 'n in-diepte kennis van die Duitse taal gehad in sy politieke en diplomatieuse gebruik.

Wanneer Luther egter dit moeilik gevind het om vanuit die antieke tale iets te vertaal na gewone Duits het hy tyd gespandeer op straat en na die gewone man geluister.

Luther het die volgende gesê:

"Om na hulle te luister, leer 'n mens hoe om te praat en hoe om te vertaal—dan sal hulle jou verstaan en weet hoe om jou taal te praat" (An Open Letter on Translating, 1530).

Soos enige vertaler was Luther in die gesig gestaar met 'n geweldige uitdaging. Om getrou te bly aan dit wat hy geglo het hy geroep was om te doen het hy sover as moontlik so naby aan die oorspronklike tale gebly het. Hy was pynlik bewus van die Bybelse poësie en musikaliteit. So vroeg as 1517 het Luther alreeds dele van die Bybel vertaal soos die Psalms, die 10 Gebooie, die Onse Vader en die sogenaamde **"Magnificat"**. Op die 4de Mei 1521 het **"Frederick the Wise"** vir Luther na die Wartburg Kasteel onder sy beskerming gebring. Dit was om die planne van diegene wat Luther wou vermoor in die war te stuur. Dit het hy gedoen deur vir Luther uit die openbare oog te neem. Gedurende daardie tyd het Luther homself toegewy aan die taak om die Nuwe Testament te vertaal. Hy het die **"Erasmus second edition Greek text (1517)"** daarvoor gebruik en die vertaling voltooi binne 11 weke.

Die vertaling was later hersien deur Malanchthon en ander spesialiste en gepubliseer in Wittenberg op 21 September 1522. Die **"Das Neue Testament Deutsch"** was besonder gewild in die Protestante geledere. Die sogenaamde **"September Bibel"** soos dit genoem was het ongeveer 5000 kopie verkoop in die eerste twee maande na publikasie. In 1523 het Luther die Pentateug in Duits vertaal en in 1524 die Psalms, gebaseer op die Hebreuse Ou Testament en die Griekse Septuagint. Daarna met 'n groep vertalers wat weekliks ontmoet het, het Luther al die ander boeke van die Ou Testament asook die **"deutrokanonieke"** boeke vertaal. Die volle Duitse Bybel was voltooi in 1534. Die publikasie van die **"Lutherse"** Bybel was beskou as 'n tipografiese meesterstuk. Sommige uitgawes het ook dele van Lucas Cranach's werkswinkel en uittreksels van Albrecht Durer's se **"Apocalypseseries"** bevat. In 1546 was alreeds 'n halwe miljoen kopie van die Luthers Bybel verkoop in 93 stede. Die **"Lutherse"** Bybel was 'n groot sukses in die verspreiding van die reformatie in die Duits sprekende lande waar nou meer en meer mense die Bybel in hulle eie taal kon lees.

39.DIE "GENEVA" BYBEL.

Die "Geneva" Bybel is een van die vroegste Engelse vertalings. Die vertaling word so genoem omrede dit gepubliseer was vir die eerste keer in Geneva in 1560. Dit was die werk van Protestante bannelinge van Engeland en Skotland. Die "Geneva" Bybel word baie gerespekteer en was 'n belangrike Bybel in Skotland en Engeland voor en selfs na die King James vertaling van 1611. Vir ongeveer 40 jaar na die publikasie van die King James Bybel was die "Geneva" Bybel die gewildste Bybel in Engeland en Skotland. In 1553 het Mary Tudor die Koningin van Engeland geword. As Koningin was sy toegewy om die Protestantse invloed uit te roei en die Roomse Kerk weer daar te stel as die staatskerk. Onder haar regering het daar 'n geweldige verdrukking teen die protestante uitgebreek. Dit het bekend gestaan as die "Marian Persecutions". Baie gelowiges het gesterf aan die brandstapel. Mary Tudor se bynaam was "Bloody Mary". Sy het oor die 300 protestante op die brandstapel laat sterf. Baie het gevlug na ander lande. Gedurende hierdie tyd het verskeie sleutel protestante leiers gevlug na Geneva in Switserland om hierdie vervolging vry te spring. Onder hulle was Miles Coverdale, John Foxe, Thomas Sampson, en William Whittingham.

Met die ondersteuning van Johannes Calvyn en die skotse hervormer John Knox het hierdie Engelse hervormers besluit om 'n Engelse Bybel vertaling die lig te laat sien wat nie die goedkeuring van die Engelse Troon nodig gehad het nie. Hulle het gebou op vorige vertalings soos die van William Tyndale en Myles Coverdale. Dus was die "**Geneva**" Bybel die eerste vertaling waar al die boeke van die Ou Testament direk vanuit die Hebreeus vertaal was. Meeste van die werk was gedoen deur William Whittingham die swaer van Johannes Calvyn. In 1557 sien die Nuwe Testament die lig en in 1560 word die eerste uitgawe van die "**Geneva**" Bybel gepubliseer in Geneva, Switserland. Dit was die volledige Bybel met beduidende vertalers notas. Hierdie nuwe Engelse vertaling was toegewy aan Koningin Elizabeth I wat Koningin geword het in 1558 na die dood van Koningin Mary I. Onder haar regering het die vervolging van die protestante gestop. Sy het Engeland weer terug gelei na Protestantisme. Dit het daartoe gelei dat latere uitgawes van die "**Geneva**" Bybel in Engeland gepubliseer was in die begin van 1576. Daar was altesaam 150 uitgawes gepubliseer waarvan die 1644 een die laaste was. Siende dat die "**Geneva**" Bybel 51 jaar ouer is as die King James vertaling maak dit die "**Geneva**" Bybel een van die eerste Bybels wat massa gepubliseer was en baie maklik beskikbaar was vir die gewone mens. Dit was die hoof Bybel wat gebruik was deur die Engelse Protestante

Hervormers en was die Bybel wat gebruik was deur persone soos **"William Shakespeare, John Milton, John Knox, and John Bunyan."** Baie kere beskou as die vroegste voorbeeld van 'n studie Bybel omrede die **"Geneva"** Bybel besondere volledige notas en kruis verwysings gehad het. Dit het ook boek inleidings gehad met kaarte en illistrasies. Dit was gedruk in ten minste drie verskillende groottes en was baie bekostigbaar. Die notas in die **"Geneva"** Bybel was streng Calvinisties en **"Puritaanse"** in karakter. Dit het die vertaling ongewild gemaak by die Kerk van Engeland wat **"pro"** regering was en by King James I. Dit het dus King James aangemoedig om 'n nuwe vertaling aan te beveel wat sou bekend staan as die **"gemagtigde King James"** Bybel. Onverklaarbaar was daar sommige van die notas van die **"Geneva"** Bybel ook te vind in die **"King James"** Bybel sover as met die 1715 uitgawe. Die **"Geneva"** Bybel was ook gesien as 'n bedreiging vir die Rooms Katolieke Kerk omrede baie van die notas wat geskryf was onder geweldige verdrukking duidelik teen die Roomse Kerk gerig was. Uiteindelik sou die King James die Geneva Bybel verbygaan in gewildheid. Die **"Geneva"** Bybel was 'n baie belangrike Engelse vertaling en was die primêre Bybel vir baie setlaars in Amerika. In die laaste jare het die Bybel se gewildheid weer begin toeneem weens die feit dat dit 'n besondere goeie vertaling was en as gevolg van die uitstekende notas.

8.DIE 1983 "AFRIKAANSE VERTALING".

In die jare sedert die Nuwe Afrikaanse Bybel (NAB) in 1983 deur die Bybelgenootskap vrygestel is, het 'n skokkende lang lys vertaalfoute, verdraaiings, afgewaterde stellings en weglatings aan die lig gekom. Hierdie foute kan gedeeltelik herlei word na die onvolledige grondteks wat gebruik is, en andersyds na die willekeurig eksegetiese vertalingsmetode, nl. Die dinamies-ekwivalente metode, wat gevolg is. Die vertalers het hulleself die vryheid veroorloof om in terme van hul eie teologiese raamwerk verklarend te vertaal en in die proses die betekenis van baie tekste te verander. 'n Doelbewuste poging is ook aangewend om Ou Testamentiese messiaanse profesieë só te verdraai dat die leser nie moet agterkom dat dit op die Here Jesus dui nie. Indien hierdie vertaling as 'n parafrase bemark was, sou dit minder misleidend gewees het. Om dit egter ten spyte van die vrysinnige vertaling, weglatings en subjektiewe veranderings nog steeds **DIE BYBEL** te noem, is om die minste te sê aanmatigend.

Die Here sê duidelik.

DEUTRONOMIM 4:2.

"Julle mag by die woord wat Ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooe van die HERE julle God mag onderhou, wat Ek julle beveel"

'n Aantal van die belangrikste verskille tussen die ou vertaling (1933 soos in 1953 hersien) en die nuwe vertaling word hieronder aangetoon. Slegs enkele tekste word uit die Ou Testament aangehaal:

GENESIS 43:34. Ou Vertaling.:

"Hierop het hy aan hulle porsies uitgedeel van die ete wat voor hom staan... En hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword."

Nuwe Vertaling.:

"Elkeen se kos is van Josef se tafel af aangegee... Hulle het wyn gedrink en saam met Josef dronk geword."

PSALM. 22:17. Ou Vertaling.:

"... 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe."

Nuwe Vertaling.:

"Die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas."

Hierdie is 'n Messiaanse profesie wat op die kruisiging dui. Jesus se hande en voete is nie vasgebind nie, maar deurgrawe.

JESAJA. 7:14. Ou Vertaling.:

"Daarom sal die Here self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem."

Nuwe Vertaling.:

"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."

Dit is 'n teken ('n wonderwerk) as 'n maagd swanger raak, maar nie as 'n jong vrou swanger raak nie. Die Nuwe Vertaling. skram doelbewustelik van die maagdelike geboorte van Jesus en „' konnotasie met Matt. 1:23 weg.

DANIEL. 7:13 Ou Vertaling.:

"Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens"

Nuwe Vertaling.

"My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese."

Die titel die Seun van die mens kom hier die eerste keer in die Bybel voor, en dui onmiskenbaar op Jesus. Die Nuwe Vertaling verdraai dié titel só dat niemand dit kan erken nie.

SAGARIA. 12:10. Ou Vertaling.:

"Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het."

Nuwe Vertaling.:

"Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek 'n gees van welwillendheid en van berou: hulle sal na hom kyk vir wie hulle doodgesteek het."

In Sagaria sê die Here dat Hy die Heilige Gees, die **"Gees van genade en smekinge"**, net voor die wederkoms koms van die Messias oor Israel sal uitstort sodat hulle Hom aan sy deurboorde hande en voete sal kan uitken en na Hom kan opsien vir redding.

Die Nuwe Vertaling maak hiervan net 'n humanistiese “gees van welwillendheid” wat onder mense vaardig sal word. Weereens skryf hulle die Messias uit die Ou Testament en verwys nie na “My vir wie hulle deurboor het” nie, maar na “hom vir wie hulle doodgesteek het.” Jesus is nie doodgesteek aan die kruis nie, maar het self sy lewe afgelê.

JOHANNES 10:17-18.

“Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.”

7 MIGA 5:1. Ou Vertaling.

“En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.”

Nuwe Vertaling.

“Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemandkom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryseverlede.”

Volgens die nuwe weergawe van die teks bestaan die Messias nie van alle ewigheid af nie, en is Sy begin iewers in die gryse verlede. Weer eens wil die vertalers nie hê dat Jesus hierin gesien moet word nie. Volgens Matt. 2:6 en Joh. 7:42 is Miga 5:1 egter onteenseglik 'n Messiaanse profesie. Bogenoemde is slegs enkele voorbeelde uit die Ou Testament. Oral is pogings aangewend om die Messiaanse profesieë te versluier. 'n Baie algemene metode is bv. om die persoonlike naamwoorde en voornaamwoorde wat op die Here Jesus dui, in die Nuwe Vertaling met 'n kleinletter te skryf. Vgl. bv. Jes. 49:1-7, Jes. 53:1-12 en Jes. 61:1.

'n Paar ander "**regstellings**" is ook gemaak, bv.

PREDIKER 10:2. Die Ou Vertaling.

"Die hart van die wyse is na regs, maar die hart van die dwaas is na links."

Die Nuwe Vertaling.

"Die verstand van een wat wysheid het, gee hom krag, maar dié van 'n dwaas maak hom swak."

Die aanslag van die vertalers het ernstige skade aan die Nuwe Testament berokken. Daar is meer as 300 verskille tussen die 1933 en 1983 se Nuwe Testamente. In Handeling 6 is die woord dissipels etlike kere met gelowiges vertaal. Vergelyk bv. Hand. 6:1 en 7.

In Paulus se briewe is die woord heiliges met gelowiges of met gemeente vertaal. Telkens kom dit op 'n verlagings in standarde neer, wat die gevolg is van die feit dat dit semanties foutiewe weergawes van die oorspronklike terme is. Wat die weglatings van tekste betref, is dit opvallend dat die betrokke teksnommers in die Nuwe Vertaling verskyn, maar niks daarna nie. Indien mens die tekste met 'n hoog aangeskrewe Engelse vertaling soos die King James vergelyk, dan word die tekste as outentiek en deel van die Heilige Skrif beskou. In die Nuwe Vertaling is hulle egter uitgelaat. Die volgende is van die belangrikste veranderings en weglatings in die Nuwe Testament van die NAB:

MATTHEUS 1:25 "Eersgeborene" is uitgelaat.

5:44 "seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat julle haat" is uitgelaat.

6:13 "want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid, Amen" is uitgelaat. **6:27** "een el by sy lengte voeg" is verander na "een enkele uur by sy lewe voeg".

8:29, 14:14, 14:25, 15:30, 17:11, 17:20, 18:2, en 24:2 "Jesus" is uit al dié tekste uitgelaat.

9:13 "tot bekering" is uitgelaat.

13:51 "Jesus - Here" is uitgelaat.

15:8 "nader My met hulle mond" is uitgelaat.

16:3 "geveinsdes" is uitgelaat.

17:21 VERS UITGELAAT: "Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie".

18:11 VERS UITGELAAT: "Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is".

19:9 "en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk" is uitgelaat; en "hoerery" is verander na "owerspel".

20:16 "want baie is geroep maar min uitverkies" is uitgelaat.

20:22 "en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word" is uitgelaat.

21:12 "van God" is uitgelaat.

23:8 "Christus" is uitgelaat.

23:14 VERS UITGELAAT: "Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang".

25:13 "waarop die Seun van die mens kom nie" is uitgelaat.

27:35 "sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp" is uitgelaat.

In die Ou Vertaling is die kruisverwysing na Psalm 22:19, waarin dit baie duidelik is die lot oor Jesus se gewaad gewerp sou word.

28:6 "Hy het opgestaan" is verander na "Hy is uit die dood opgewek". Dit is nog 'n poging om Jesus se Godheid te ontken. "Here" is ook uitgelaat.

28:7 "Hy het opgestaan uit die dode" is verander na "Hy is uit die dood opgewek".

Kyk Joh. 10:17- 18. 28:9 "en terwyl hulle op weg was om dit aan sy dissipels te vertel" is uitgelaat.

MARKUS 2:17 "tot bekering" is uitgelaat.

5:13 en 7:27 "Jesus" is uitgelaat.

6:11 "Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom of Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad" is uitgelaat.

6:33 "Hom" is verander na "hulle". "by Hom vergader" is uitgelaat.

7:16 **VERS UITGELAAT:** "As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor".

9:24 "Here" is uitgelaat.

9:44 en 9:46 **VERS UITGELAAT:** "waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie".

9:49 "en elke offerhande sal met sout gesout word" is uitgelaat.

10:21 "neem die kruis op" is uitgelaat.

10:24 "vir die wat op hulle goed vertrou" is uitgelaat.

11:10 "in die Naam van die Here" is uitgelaat.

11:26 **VERS UITGELAAT:** "Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie".

13:14 "waarvan gespreek is deur die profeet Daniël" is uitgelaat.

13:33 "waak en bid" is verander na "wees waaksaam".

15:28 **VERS UITGELAAT:** "en die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken".

16:9-20 In 'n voetnota word dié hele gedeelte as 'n latere byvoeging beskou.

LUKAS 1:28 "geseënd is jy onder die vroue" is uitgelaat.

2:33 "Josef" is verander na "Sy vader". Let op die implikasie.

2:40 "in die Gees" is uitgelaat.

2:43 "Josef en sy moeder" is verander na "sy ouers".

4:4 "maar van elke woord van God" is uitgelaat.

4:8 "gaan weg agter my Satan" is uitgelaat.

4:18 "om die wat verbryseld van hart is te genees" is uitgelaat.

4:41 "die Christus" is uitgelaat.

6:48 "sy fondament was op die rots" is verander na "die huis was goed gebou". Die rots, Jesus Christus (1 Kor. 3:11), word dus nie meer genoem nie.

7:22 "Jesus" is uitgelaat.

9:54 "Soos Elia ook gedoen het" is uitgelaat.

9:55 "en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie" is uitgelaat.

9:56 "want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red" is uitgelaat.

9:57 "Here" is uitgelaat.

11:2 "Onse... wat in die hemele is... laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;" is uitgelaat.

11:4 "maar verlos ons van die Bose" is uitgelaat.

11:29 "die profeet" is uitgelaat.

12:31 "God" is uitgelaat.

13:25 "Here" is uitgelaat.

17:36 VERS UITGELAAT: "Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word".

21:36 "ontvlug" is verander na "behoue deurkom".

In dié teks is die belofte van die wegraping heeltemal uit die Bybel uitvertaal. Hierdie is n doelbewuste fout wat gemaak is, want die vertalers kan geensins agter onkunde skuil oor die betekenis van die Griekse woord ekfeugo nie. In **Hand. 16: 27** vertaal hulle dit as ontsnap, in **Hand. 19:16** as gevlug, en in **1 Thess 5:3** as ontkom. In **Lukas 21:36** moet die betekenis egter omgekeer word omdat ons geleerde vriende nie glo dat die Here sy kinders voor die verdrukking kom haal nie! Ons moet volgens hulle deur dit gaan!

22:64 "en Hom in die aangesig geslaan en Hom gevra" is uitgelaat.

23:17 VERS UITGELAAT: "En hy was verplig om vir hulle op die fees een los te laat".

24:6 "Hy het opgestaan" is verander na "Hy is uit die dood opgewek".

24:49 "Jerusalem" is uitgelaat.

JOHANNES 1:14 en 18 "eniggeborene" is verander na "enigste".

1:27 "wat voor my geword het" is uitgelaat.

3:15 "nie verlore mag gaan nie" is uitgelaat.

4:42 "die Christus" is uitgelaat.

5:3 "wat op die roering van die water gewag het" is uitgelaat.

5:4 VERS UITGELAAT: "want 'n engel het op bepaalde tye in die bad neergedaal en die water geroer. Die een wat dan die eerste ingaan ná die roering van die water, het gesond geword, aan watter siekte hy ook al gely het".

Die antwoord van die sieke in vers 7 is 'n duidelike bewys daarvan dat die weglatings van verse 3 en 4 foutief is.

16:16 "omdat Ek na die Vader gaan" is uitgelaat. Kon die vertalers nie hier sien dat hulle met 'n valse en onvolledige manuskrip te doen het nie?

Die dissipels doen dan aan die einde van vers 17 navraag oor Jesus se woorde: "Ek gaan na die Vader."

HANDELINGE 3:26 "Sy Kind Jesus" is verander na "sy Dienaar".

4:24 "Here, U is die God" is verander na "Here dit is U".

7:30 "van die Here" is uitgelaat. "Engel van die Here" in die Ou Vert. met hoofletters wys duidelik op Jesus Christus.

7:37 "na Hom moet julle luister" is uitgelaat.

8:37 VERS UITGELAAT: "Toe sê Fillipus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is".

9:5 "dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop" is uitgelaat.

Hand. 26:14. 15 9:6 "en terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here wat wil U hê moet ek doen? En die Here antwoord hom:" is uitgelaat. Die vervalsing hier is ook baie duidelik in die lig van Hand. 22:10. 10:6 "Hy sal jou sê wat jy moet doen" is uitgelaat.

15:11, 16:31 en 19:4 "Christus" is uitgelaat.

15:18 "Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend" is verander na "Dit is van ouds af bekend". 19:10 "Jesus" is uitgelaat.

20:28 "Wat Hy deur sy eie bloed verkry het" is verander na "wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun". Let weer op die implikasie. 22:16 "Here" is uitgelaat.

23:9 "Laat ons nie teen God stry nie" is uitgelaat.

24:7 VERS UITGELAAT: "maar Lisias die owerste oor duisend het gekom en hom met groot geweld uit ons hande geneem".

24:8 "en bevel gegee dat sy beskuldigers voor u moet kom" is uitgelaat.

28:29 VERS UITGELAAT: "En toe hy dit gesê het, het die Jode onder groot woordestryd met mekaar weggegaan".

ROMEINE 1:16 "van Christus" is uitgelaat.

1:19-31 "hoerery" is uitgelaat. Daar word duidelik gepoog om die uitspraak vir die leser te versag.

6:11 "onse Here" is uitgelaat.

16 8:1 "vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees" is uitgelaat. Hierdeur word die eis tot 'n lewe van heiligmaking verswyg.

9:28 "in geregtigheid" is uitgelaat.

10:15 "van die wat die evangelie van vrede verkondig" is uitgelaat.

11:6 "en as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie" is uitgelaat.

13:9 "jy mag geen valse getuienis gee nie" is uitgelaat.

14:6 "en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here" is uitgelaat.

14:21 "waardeur jou broer aanstoot neem - of waarin hy swak is nie" is uitgelaat.

15:8 "Jesus" is uitgelaat.

15:29 "van die evangelie" is uitgelaat.

16:24 VERS UITGELAAT: "Die genade van die Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen".

1 KORINTHIËRS 5:4, 9:1, 9:18 en 16:23 "Christus" is uitgelaat.

6:20 "duur... en in julle gees wat aan God behoort" is uitgelaat.

10:28 "want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan" is uitgelaat.

17 15:8 "en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene" is verander na "Heel laaste het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn". Paulus se verwysing na homself as die ontydig geborene kan geensins as 'n misgeboorte vertaal word nie.

Hy verwys hier na die tyd van sy geboorte (as Christen, m.a.w. Sy wedergeboorte) en nie na die aard daarvan nie. 'n Misgeboorte is 'n miskraam, en dit doen geweld aan die betekenis van hierdie teks.

15:47 "die Here" is uitgelaat.

16:22 "Jesus Christus" is uitgelaat.

2 KORINTHIËRS 4:10 "Here" is uitgelaat.

5:18 "Jesus" is uitgelaat.

10:7 en 11:31 "Christus" is uitgelaat.

11:31 "onse" is uitgelaat.

GALÁSIËRS 3:1 "om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie" is uitgelaat. Dit verander die betekenis van die teks.

3:17 "in Christus" is uitgelaat. Die teks is nou heeltemal verdraaid.

4:7 "deur Christus" is uitgelaat.

6:15 "in Christus Jesus" is uitgelaat.

6:17 "die Here" is uitgelaat. "in my liggaam" is verander na "aan my liggaam".

EFÉSIËRS 3:9 "deur Jesus Christus" is uitgelaat.

3:14 "van onse Here Jesus Christus" is uitgelaat.

5:30 "van sy vlees en van sy bene" is uitgelaat.

6:1 "in die Here" is uitgelaat.

6:10 "my broeders" is uitgelaat.

FILIPPENSE 2:16 "deurdat julle die woord van die lewe vashou" is verander na "deur die woord van die lewe uit te dra". Lees vers 14 tot 16 om die verband van die verandering in betekenis te kan sien.

3:16 "laat ons eensgesind wees" is uitgelaat.

4:13 "Christus" is uitgelaat.

KOLOSSENSE 1:2 "en die Here Jesus Christus" is uitgelaat.

1:14 "deur sy bloed" is uitgelaat. Hier word die bloed van Jesus uit die verlossingsplan weggelaat. Dit is een van verskeie kernstellings oor verlossing wat in die Nuwe Vertaling in die slag bly.

1:28 "Jesus" is uitgelaat.

3:6 "kinders van die ongehoorsaamheid" is verander na "mense wat aan Hom ongehoorsaam is".

THESSALONICENSE 1:1 "van God onse Vader en die Here Jesus Christus" is uitgelaat.

2:19, 3:11, 3:13 en 2 Thess. 1:12 "Christus" is uitgelaat.

1 TIMÓTHEÛS 1:1 en 5:21 "Here" is uitgelaat.

1:17 "alleenwyse God" is verander na "enigste God". 2:7 "in Christus" is uitgelaat.

3:16 "God is geopenbaar in die vlees" is verander na "As mens het Jesus in die wêreld gekom". Hierdie teks oor die Here Jesus se Godheid is só verander dat dit sy uiters belangrike grondbetekenis verloor het.

4:12 "in gees" is uitgelaat.

5:21 "Here" is uitgelaat.

6:5 "onttrek jou aan sulke mense" is uitgelaat. Was hierdie opdrag vir die vertalers onaanvaarbaar?

2 TIMÓTHEÛS 1:11 "van die heidene" is uitgelaat.

4:1 "die Here" is uitgelaat.

4:22 "Jesus Christus" is uitgelaat.

TITUS EN FILÉMON Titus 1:4 "die Here" is uitgelaat.

Filémon v. 6 "Jesus" is uitgelaat.

Filémon v. 12 "maar neem jy hom" is uitgelaat.

HEBREËRS 1:3 "deur Homself" is uitgelaat.

2:7 "en hom oor die werke van u hande aangestel" is uitgelaat. "U het hom 'n weinig minder as die engele maak" is verander na "U het hom 'n kort tydjie minder as die engele maak".

3:1 "Christus" is uitgelaat.

7:21 "volgens die orde van Melgisedek" is uitgelaat. "U is" is verander na "Jy is".

10:9 "o God" is uitgelaat.

10:29 "Onrein geag" is verander na "geminag". Dit verander die betekenis.

10:30 "spreek die Here" is uitgelaat.

10:34 "in die hemele" is uitgelaat.

1.PETRUS 1:22 "siele deur die Gees" is uitgelaat.

4:1 "vir ons" is uitgelaat. Die vers is nou vir 'n verkeerde vertolking oop.

4:14 "wat hulle betref, word Hy wel gelaster; maar wat julle betref word Hy verheerlik" is uitgelaat.

5:11 "die heerlikheid... alle" is uitgelaat. Dit verander die teks en water die trefkrag daarvan af.

5:14 "Jesus" is uitgelaat.

2 PETRUS. 2:17 "vir ewig" is uitgelaat.

1 JOHANNES 1:7 "Christus" is uitgelaat.

2:7 "van die begin af" is uitgelaat.

4:3 "Christus in die vlees" is uitgelaat.

4:9 "eniggeborene" is verander na "enigste".

4:19 "Hom" is uitgelaat. Dit verander die betekenis.

5:7 "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een." Dié kernteks oor die Godheid van Jesus as die vleesgeworde Woord, asook oor die Drie-eenheidsleer, is drasties verander en kortgeknip na: "Daar is dus drie wat getuig".

Daar het feitlik niks van die teks se oorspronklike betekenis oorgebly nie, en in die Nuwe Vertaling is **1 Joh. 5:7** presies net soos wat dit in die verdraaide Bybel van die Jehovasgetuies voorkom. Uit die aard van die saak is hulle baie bly hieroor omdat hulle die Godheid van Jesus loën.

5:8 "en daar is drie wat getuig op die aarde" is uitgelaat om die huidige én die voorafgaande teks nog meer kragteloos en betekenisloos te maak.

5:13 "die Naam van" is twee maal uitgelaat. Hierdie teks oor geloofsekerheid is ook kortgeknip en van baie van sy betekenis beroof.

OPENBARING 1:8 "die begin en die einde" is uitgelaat.

1:9 "Christus" is twee maal uitgelaat.

1:11 "Ek is die Alfa en die Omega, die eerste en die laaste" is uitgelaat.

2:13 "Ek ken jou werke" is uitgelaat.

5:14 "vier en twintig" is uitgelaat. **"wat lewe tot in alle ewigheid"** is in die laaste gedeelte van die vers uitgelaat.

8:13 "engel" is verander na **"arend"**.

22 11:17 "en wat kom" is uitgelaat, waarskynlik omdat dit na die wederkoms van Jesus Christus verwys.

12:17 "Christus" is uitgelaat.

14:5 "voor die troon van God" is uitgelaat.

14:20 "tweehonderd myl" is verander na "sestienhonderd kilometer".

In hierdie teks eis die eiesinnige eksegetiese vertaling van vergeestelikings teoloë 'n baie groot tol. In die grondteks word na 1600 stadia verwys. 'n Stadion is 200 meter (220 treë). Die werklike afstand is dus 200 myl of 320 kilometer. Die vertalers het besluit om bloot die stadia na kilometer te verander aangesien Openbaring in elk geval 'n simboliese boek is en dit nie letterlik opgeneem moet word nie. Hoe die bloed vir 1600 kilometer in die vallei van Megiddo kan vloei, sal net hulle weet. Dit is onmoontlik.

16:5 "Here" is uitgelaat.

16:17 "van die hemel" is uitgelaat.

20:9 en 12 "God" is uitgelaat.

21:16 "duisend-vyfhonderd myl" is verander na "twaalf duisend kilometer". Dieselfde growwe berekeningsfout as dié in **Openbaring 14:20** is hier gemaak.

Dit beteken dat die nuwe Jerusalem 'n omtrek van 48 000 kilometer het, terwyl die aarde se omtrek 40 000 kilometer is. Hierdie stad moet op die nuwe aarde rus, maar dit lyk nou of dit die aarde gaan insluk.

Die werklike omtrek van die nuwe Jerusalem is volgens die Bybel egter 1 500 myl (2 400 kilometer) aan elke kant, en dus in totaal 9 600 kilometer rondom. Die vertalers se optelsom is dus byna veertigduisend kilometer uit! Dit is simptome van die baie ander mistastings in hulle vertalingsoefening.

21:24 "van die wat gered word" is uitgelaat.

22:21 "Christus" is uitgelaat.

Houding Ten Opsigte van die Nuwe Vertaling. Dit is baie duidelik dat fundamentele Christene nie die nuwe vertaling ongekwalifiseerd as die Woord van God kan aanvaar nie. Daar is heeltemal té veel onverskoonbare foute, menslike vertolkings en weglatings in wat met voorbedagte rade deel van die vertalingstrategie gevorm het. Ons glo aan die Goddelike inspirasie, onfeilbaarheid en onveranderlikheid van die Bybel as die Woord van God. Dit moet in sy letterlike, grammaties-historiese grondbetekenis eerbiedig word. Die Bybel is nie 'n speelbal vir teoloë wat allerlei nuwe idees het nie. Dit is belangrik om daarop te let hoe die Bybel homself definieer:

Dit is nie menslik in oorsprong nie, maar die Woord van God:

2 PETRUS 1:19-21.

"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil 24 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek"

Jesus is die vleesgeworde Woord deur wie God aan ons geopenbaar is (Joh. 1:1 - 14). Sy woorde, wat in die Bybel opgeteken is, is gees en lewe (Joh. 6:63).

God is die outeur van die Bybel:

2 TIMOTHEUS 3:16.

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werkvolkome toegerus"

*Die Here sal diegene straf wat sy Woord minag deur
moedswillig daaraan te verander:*

OPENBARING 22:18-19.

*"As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor
hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe
is. En as iemand iets van die woorde van die boek van
hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem
uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit
die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is"*

9.DIE "NEW INTERNATIONAL VERSION" (1973,1978.)

Soos die **NASV** was die **NIV** ook geproduseer deur mense wat kleim dat hulle "'n Hoë agting het vir die Skrif". Die poging is gesponser deur die **New York Bible Society**. Hulle erken dat die vertalers 'n wye spektrum van die Christendom verteenwoordig. Hulle kleim ook;

"It is a completely new translation made by many scholars working directly from the Greek."

Die Griekse teks wat gebruik is, is 'n sogenaamde *"eclectic one"* dit bedoel dat die vertalers verskeie tekse wat tot hulle beskikking was gemeng het om die vertaling te produseer sogenaamd in lyn met *"accord with sound principles of textual criticism."* Hulle het hierdie stelling gemaak sonder om te sê dat dit egter *"veronderstel"* was om gesonde teks verklarings te wees. As ons egter die teks ondersoek dan vind ons dat die **NIV** *"dieselfde verse en gedeeltes"* uitlaat wat die **ASV** en die **NASV** uitlaat. Die **NIV** het egter verder gegaan as die ander twee en waar 'n vers in sy geheel uitgelaat is het hulle net 'n baie klein vers nr. daar geplaas. Hierdie vertaling is ook gebaseer grootliks op die **Westcott-Hort** manuskrip.

'n Manuskrip wat alreeds bewys is as korrupt. Kom ons kyk na 'n paar belangrike leerstellings waarhede wat deur die **NIV** aangeval word. Meeste van hierdie uitlatings vind ons ook in van die ander nuwe vertalings omrede hulle dieselfde grondteks gebruik. Die **NIV** verwerp die idee dat die Bybel is die bewaarde en geïnspireerde woord van God.

PSALM 12:6-7 (NIV).

"And the words of the LORD are flawless, like silver refined in a furnace of clay, purified seven times. O LORD, you will keep us safe and protect us from such people forever."

PSALM 12:7-8. (AOV).

"Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal. U, o HERE, sal hulle bewaar; U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig."

PSALM 12:6-7 (KJV).

"The words of the LORD are pure words: as silver tried in a furnace of earth, purified seven times. Thou shalt keep them, O LORD, thou shalt preserve them from this generation for ever."

PSALM 12:6-7(LITV.LITERAL TRANSLATION OF THE BIBLE.).

"The Words of Jehovah are pure Words, like silver refined in an earthen furnace, purified seven times."

Die woorde "Thou shalt keep them, O LORD" verwysend na die woorde van die Here is uitgelaat.

REVALATION 22:18-19 (NIV)

"I warn everyone who hears the words of the prophecy of this book: If anyone adds anything to them, God will add to him the plagues described in this book. And if anyone takes words away from this book of prophecy, God will take away from him his share in the tree of life and in the holy city, which are described in this book."

OPENBARING 22:18-19.(AOV).

"Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is."

REVALATION 22:18-19 (KJV).

"For I testify unto every man that heareth the words of the prophecy of this book, If any man shall add unto these things, God shall add unto him the plagues that are written in this book: And if any man shall take away from the words of the book of this prophecy, God shall take away his part out of the book of life, and out of the holy city, and from the things which are written in this book."

REVALATION 22:18-19 (LITV).

"For I testify together with everyone hearing the Words of the prophecy of this Book, if anyone adds to these things, God will add upon him the plagues having been written in this Book. And if anyone takes away from the Words of the Book of this prophecy, God will take away his part from the Book of Life, and out of the holy city, and of the things having been written in this Book."

Die woorde in die KJV "book of life" word deur die NIV vervang met die woorde "tree of life". Maak geen sin om dit te doen nie. Verder laat hulle die laaste deel van die vers aanmekaar hardloop deur die woordjie "en" weg te laat. Daardeur versag hulle hierdie waarskuwing.

Dit is wat die NIV probeer doen en op 'n groot skaal regkry. Die laat weg, korrup, verswak en verander die woord van die Here. In die lig hiervan kan 'n mens sien dat daar geen deel van hierdie vertaling enigsins 'n verbetering is op dit wat ons het nie. Kom ons kyk nou na hierdie leerstellings wat deur hierdie sogenaamde Bybel aangeval word.

1. Die Bybel val die **"Godheid"** van Christus aan. Deur die woord **"God"** te verander met die woord **"Hy"** neem hulle die feit weg dat Jesus God is. Die **NASV** doen dit ook.

1 TIMOTHY 3:16 (NIV).

"Beyond all question, the mystery of godliness is great: He appeared in a body, was vindicated by the Spirit, was seen by angels, was preached among the nations, was believed on in the world, was taken up in glory."

1 TIMOTHEUS 3:16.(AOV).

"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid."

1 TIMOTHY 3:16 (KJV).

"And without controversy great is the mystery of godliness: God was manifest in the flesh, justified in the Spirit, seen of angels, preached unto the Gentiles, believed on in the world, received up into glory."

1 TIMOTHY 3:16 (TLTV).

"And confessedly, great is the mystery of godliness: God was manifested in flesh, was justified in Spirit, was seen by angels, was proclaimed among nations, was believed on in the world, was taken up in glory."

2. Deur die woord **"Christus"** te verander na die woord **"God"** ontken hulle dat Jesus God is.

ROMANS 14:10 (NIV).

"You, then, why do you judge your brother? Or why do you look down on your brother? For we will all stand before God's judgment seat."

ROMANS 14:12 (NIV).

"So then, each of us will give an account of himself to God."

ROMEINE 14:10.(AOV).

"Maar jy, waarom oordeel jy jou broeder? Of jy ook, waarom verag jy jou broeder? Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word."

ROMEINE 14:12.(AOV).

"So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."

ROMANS 14:10 (KJV).

"But why dost thou judge thy brother? or why dost thou set at nought thy brother? for we shall all stand before the judgment seat of Christ."

ROMANS 14:12 (KJV).

"So then every one of us shall give account of himself to God."

3.Hulle verander die woorde "Seun van God" met die woorde "Seun van die Mens", en daarmee noem hulle Christus 'n leuenaar.

JOHN 9:35 (NIV).

"Jesus heard that they had thrown him out, and when he found him, he said, "Do you believe in the Son of Man?"

JOHANNES 9:35.(AOV).

"Jesus het gehoor dat hulle hom uitgebana het; en toe Hy hom kry, sê Hy vir hom: Glo jy in die Seun van God?"

JOHN 9:35 (KJV).

"Jesus heard that they had cast him out; and when he had found him, he said unto him, Dost thou believe on the Son of God?"

JOHN 9:35(LITV).

"Jesus heard that they threw him outside, and finding him, He said to him, Do you believe into the Son of God?"

4. In Mattheus 9:18, Mattheus 20:20 en Markus 5:6 is die woorde "aanbid" en "aanbidding" verander met die woorde "knelt down". (buig neer). Dit verwyder die aanbidding en respek wat daar is vir Jesus Christus.

5. Jesus is ewig en het geen oorsprong gehad nie.

MICAH 5:2 (NIV).

"But you, Bethlehem Ephrathah, though you are small among the clans of Judah, out of you will come for me one who will be ruler over Israel, whose origins are from of old, from ancient times."

MIGA 5:1.(AOV).

"En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."

MICAH 5:2 (KJV).

"But thou, Bethlehem Ephratah, though thou be little among the thousands of Judah, yet out of thee shall he come forth unto me that is to be ruler in Israel; whose goings forth have been from of old, from everlasting."

6. Jesus is vir ewig, Hy is die begin en die einde.

REVELATION 1:8 (NIV).

"I am the Alpha and the Omega," says the Lord God, "who is, and who was, and who is to come, the Almighty."

OPENBARING 1:8.(AOV).

"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."

REVELATION 1:8 (KJV).

"I am Alpha and Omega, the beginning and the ending, saith the Lord, which is, and which was, and which is to come, the Almighty."

REVELATION 1:8 (LITV).

"I am the Alpha and the Omega, the Beginning and the Ending, says the Lord, the One who is, and who was, and who is coming, the Almighty."

Die NIV los die woorde "the beginning and the ending" asook die Naam van Christus "saith the Lord" uit.

7. Die NIV los die eerste deel van die volgende vers uit om onsekerheid te veroorsaak oor wie die Seun van God is in hierdie gedeelte.

MATTHEW 8:29 (NIV).

"What do you want with us, Son of God?" they shouted. "Have you come here to torture us before the appointed time?"

MATTHEUS 8:29.(AOV).

"En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?"

MATTHEW 8:29 (KJV).

"And, behold, they cried out, saying, What have we to do with thee, Jesus, thou Son of God? art thou come hither to torment us before the time?"

MATTHEW 8:29 (LITV).

"And, behold! They cried out, saying, What is to us and to You, Jesus, Son of God? Have You come here beforetime to torment us?"

8. Die NIV los die naam "Jesus" uit in die volgende verse uit.

MATTHEW 16:20 (NIV).

"Then he warned his disciples not to tell anyone that he was the Christ."

MATTHEUS 16:20.(AOV).

"Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie."

MATTHEW 16:20 (KJV).

"Then charged he his disciples that they should tell no man that he was Jesus the Christ."

9. In die volgende vers laat hulle die Naam "Christus" uit en voeg in "man". Dit is totaal verkeerd.

JOHN 4:42 (NIV).

"They said to the woman, "We no longer believe just because of what you said; now we have heard for ourselves, and we know that this man really is the Saviour of the world."

JOHANNES 4:42.(AOV).

"en aan die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Saligmaker van die wêreld, is."

JOHN 4:42 (KJV).

"And said unto the woman, Now we believe, not because of thy saying: for we have heard him ourselves, and know that this is indeed the Christ, the Saviour of the world."

10. In die NIV gebruik die woorde "One of God" om na Christus te verwys. Dit is die "god" van die New Age, "the One".

JOHN 6:69 (NIV).

"We believe and know that you are the Holy One of God."

JOHANNES 6:69.(AOV).

"En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God."

JOHN 6:69 (KJV).

"And we believe and are sure that thou art that Christ, the Son of the living God."

JOHN 6:69 (LITV).

"And we have believed and have known that You are the Christ, the Son of the living God."

11. Die NIV laat die woorde "Jesus Christus" uit in die volgende verse.

1 CORINTHIANS 16:22 (NIV).

"If anyone does not love the Lord--a curse be on him. Come, O Lord !"

1 KORINTHIËRS 16:22.(AOV).

"As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!"

1 CORINTHIANS 16:22 (KJV).

"If any man love not the Lord Jesus Christ, let him be Anathema Maranatha."

1 CORINTHIANS 16:22.(LITV) .

"If anyone does not love the Lord Jesus Christ, let him be accursed. The Lord comes!"

12. Die NIV laat uit die woorde "deur Jesus Christus".

EPHESIANS 3:9 (NIV).

"and to make plain to everyone the administration of this mystery, which for ages past was kept hidden in God, who created all things."

EFESIËRS 3:9.(AOV).

"en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,"

EPHESIANS 3:9 (KJV).

"And to make all men see what is the fellowship of the mystery, which from the beginning of the world hath been hid in God, who created all things by Jesus Christ:"

EPHESIANS 3:9 (LITV).

"and to bring to light all, what is the fellowship of the mystery having been hidden from eternity in God, the One creating all things through Jesus Christ,"

13. Wanneer het God opgehou om wys te wees?

1 TIMOTHY 1:17 (NIV).

"Now to the King eternal, immortal, invisible, the only God, be honor and glory for ever and ever. Amen."

1 TIMOTHEUS 1:17.(AOV).

"Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen."

1 TIMOTHY 1:17 (KJV).

"Now unto the King eternal, immortal, invisible, the only wise God, be honour and glory for ever and ever. Amen."

1 TIMOTHY 1:17 (LITV).

"Now to the King eternal, incorruptible, invisible, the only wise God, be honor and glory forever and ever. Amen."

14. Die woorde *"by Himself"* word uitgelaat.

HEBREWS 1:3 (NIV).

"The Son is the radiance of God's glory and the exact representation of his being, sustaining all things by his powerful word. After he had provided purification for sins, he sat down at the right hand of the Majesty in heaven."

HEBREËRS 1:3.(AOV).

"Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdrukkel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte,"

Die **NIV** laat die Naam "**God**" ongeveer 70 keer uit - "**Jesus**" -15 - "**Christus**" 25 - "**Here**" keer. 15. Die NIV val die maagdelike geboorte aan. Die NIV verwyder die woorde "**eersgeborene**" en bring die maagdelike geboorte in gedrang.

MATTHEW 1:25 (NIV).

"But he had no union with her until she gave birth to a son. And he gave him the name Jesus."

MATTHEUS 1:25.(AOV).

"en hy het haar nie beken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem."

MATTHEW 1:25 (KJV).

"And knew her not till she had brought forth her firstborn son: and he called his name JESUS."

MATTHEW 1:25 (LITV).

"and did not know her until she bore her son, the Firstborn. And he called His name Jesus."

17. Die **NIV** verander die naam "**Josef**" na die woorde "**die kind se Vader**" betwyfel weereens die maagdelike geboorte.

LUKE 2:33 (NIV).

"The child's father and mother marveled at what was said about him."

LUKAS 2:33.(AOV).

"En Josef en sy moeder het hulle verwonder oor die dinge wat van Hom gesê is."

LUKE 2:33 (KJV).

"And Joseph and his mother marvelled at those things which were spoken of him."

LUKE 2:33 (LITV).

"And Joseph was marveling, also His mother, at the things being said concerning Him."

18. Die **NIV** verander **"Josef en sy moeder"** na sy **"ouers"** weereens 'n aanval op die maagdelike geboorte.

LUKE 2:43 (NIV).

"After the Feast was over, while his parents were returning home, the boy Jesus stayed behind in Jerusalem, but they were unaware of it."

LUKE 2:43 (KJV).

"And when they had fulfilled the days, as they returned, the child Jesus tarried behind in Jerusalem; and Joseph and his mother knew not of it."

19. Die NIV verander die woorde "only begotten of the Father" na "One and Only" wat 'n New Age term is vir 'n "Kosmiese god".

JOHN 1:14 (NIV).

"The Word became flesh and made his dwelling among us. We have seen his glory, the glory of the One and Only, who came from the Father, full of grace and truth."

JOHANNES 1:14.(AOV).

"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon —en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid."

JOHN 1:14 (KJV).

"And the Word was made flesh, and dwelt among us, (and we beheld his glory, the glory as of the only begotten of the Father,) full of grace and truth."

20. In die volgende verse laat die NIV die woorde "Christus" en "gekom in die vlees" uit. Dis belangrik vir ons as gelowiges.

1 JOHN 4:3 (NIV).

"but every spirit that does not acknowledge Jesus is not from God. This is the spirit of the antichrist, which you have heard is coming and even now is already in the world."

1 JOHANNES 4:3.(AOV).

"en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld."

1 JOHN 4:3 (KJV).

"And every spirit that confesseth not that Jesus Christ is come in the flesh is not of God: and this is that spirit of antichrist, whereof ye have heard that it should come; and even now already is it in the world."

1 JOHN 4:3 (LITV).

"And every spirit which does not confess that Jesus Christ has come in the flesh is not from God; and this is the antichrist which you heard is coming, and now is already in the world."

21. Die NIV val die versoenende dood van Christus aan. In die volgende vers laat die NIV die helfte van die vers uit.

MATTHEW 27:35 (NIV).

"When they had crucified him, they divided up his clothes by casting lots."

MATTHEUS 27:35.(AOV).

"En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp."

MATTHEW 27:35 (KJV).

"And they crucified him, and parted his garments, casting lots: that it might be fulfilled which was spoken by the prophet, They parted my garments among them, and upon my vesture did they cast lots."

22. Die NIV laat hierdie vers in sy geheel uit wat selfs in die Katolieke Bybel voorkom.

MARK 15:28 (NIV)????

MARKUS 15:28.(AOV).

"En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken."

MARK 15:28 (KJV).

"And the scripture was fulfilled, which saith, And he was numbered with the transgressors."

23. Die **NIV** laat die bloed en bevraagteken die Goddelikheid van Christus in die volgende verse.

COLOSIAANS 1:14-15 (NIV).

"in whom we have redemption, the forgiveness of sins. He is the image of the invisible God, the firstborn over all creation."

KOLLOSENSE 1:14-15.(AOV).

"in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;"

COLOSSIANS 1:14-15 (KJV).

"In whom we have redemption through his blood, even the forgiveness of sins: Who is the image of the invisible God, the firstborn of every creature:"

COLOSSIANS 1:14-15 (LITV).

"in whom we have redemption through His blood, the remission of sins; who is the image of the invisible God, the First-born of all creation."

24. Die NIV val die opstanding aan. Hulle verander die woorde "raise up Christ"

ACTS 2:30 (NIV).

"But he was a prophet and knew that God had promised him on oath that he would place one of his descendants on his throne."

HANDELINGE 2:30.(AOV).

"Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,"

ACTS 2:30 (KJV).

"Therefore being a prophet, and knowing that God had sworn with an oath to him, that of the fruit of his loins, according to the flesh, he would raise up Christ to sit on his throne;"

25. Die NIV laat uit die woorde "of the dead". Dit bring 'n vraag oor God se vermoë om iemand uit die dood op te wek. Baie kultusse leer dat Jesus geestelik opgestaan het en nie fisies nie.

Die “nuwe” Bybels versterk hierdie valse idees.

ACTS 24:15 (NIV).

“and I have the same hope in God as these men, that there will be a resurrection of both the righteous and the wicked.”

HANDELINGE 24:15.(AOV).

“en 'n hoop op God het, 'n hoop wat hulle self ook verwag, dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges.”

ACTS 24:15. (KJV).

“And have hope toward God, which they themselves also allow, that there shall be a resurrection of the dead, both of the just and unjust.”

ACTS 24:15.(LITV).

“having hope toward God, which these themselves also admit, of a resurrection being about to be of the dead, both of just and unjust ones.”

26. Die **NIV** ontken dat Jesus 'n liggaam na die opstanding gehad het. Dis 'n modernistiese lering en 'n kultus idee. As Jesus gesien word sonder 'n liggaam dan word Hy gesien sonder die opstanding.

Rob Bell leer die jeug dat hulle by wyse van Joga asemhalingsoefeninge die Hindoe panteistiese Joga meester genaamd "**Jesus**" kan volg (2 Korintheërs 11:4) en hoedat hulle asemhaling hulle in aanraking bring met God. Wat die hedendaagse "**profete**" soos Dries Lombard, Stephan Joubert en Nelus Niemandt en baie ander jong predikante in ons land blykbaar nie besef nie, is dat hulle hulself onder die oordele van God in manewreer wanneer hulle waarde heg aan mense soos Rob Bell wat afgodery in hulle harte bedink en verkondig. Hulle is voortdurend besig om God se Woord te herverwoord, te verander en aan te pas by die kulture van ons tyd, kwansuis om die postmoderne mens met al hulle komplekse vrae en probleme makliker vir die Here te bereik.

Brian McLaren het byvoorbeeld 'n boek geskryf, getiteld "**Everything must Change.**" Nelus Niemandt haal vir Leonard Sweet in sy boek "**Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede**" aan wat gesê het: "**A sea change of transitions and transformations is birthing a whole new world and a whole new set of ways of making our way in the world.**"

"Waarom moet alles verander as Jesus die enigste Waarheid, Weg en die Lewe self nooit verander nie? (Hebreërs 13:8).

Ek glo dat bogenoemde genoeg sê om dit duidelik te stel dat die **"Boodskap Bybel"** van Stephan Joubert nie vertrou kan word nie, omrede die vertaler van die werk nie vertrou kan word nie.

JAN VAN DER WATT mede skepper van die Boodskap vertaling.

Jan van der Watt is tans verbonde aan die Spesiale Teologiese Fakulteit van die Radboud Universiteit, Nijmegen in Nederland. Voor sy vertrek na Nederland was hy 'n professor aan die Teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria. Toe hy nog in Suid-Afrika woonagtig was, het hy ook gereeld 'n weeklikse program **"Wat sê die Bybel"** aangebied. Die ontluikende ghoeroes sê gewoonlik vir jou dat jy niemand skuldig mag bevind deur blote assosiasie nie. Miskien moet ons dan die ou Afrikaanse spreekwoord **"Meng jou met die semels dan vreet die varke jou"** ook van die tafel afvee. Dit beteken gewoonweg dat as jy slegte geselskap opsoek jyself ook mettert tyd sleg word. Die Bybel het nogal 'n soortgelyke waarskuwing:-

PSALM 1:1-2.

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet [leerstellige waarhede] van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag."

*Sodra jy Bybelwaarhede en God se leerstellings eenkant gooi ter wille van goeie verhoudings gaan jy beslis vir eers wandel in die raad van die afvalliges en die spotters, en dan gaan jy mettert tyd staan op die weg wat hulle bewandel en uiteindelik saam met hulle sit in hulle diskussies oor hoe om die Evangelie aan te pas by die kulture van die moderne mens. Dis soos die Engelse sê, 'n proses wat eksponensieel **"from bad to worse"** ontwikkel. Dit is seermaak-opvallend hoe baie geestelike leiers wat as Bybelgetroue en behoudende leierfigure beskou kon word, nou een na die ander soos sederbome midde-in die dwaalleerkring van die Ontluikende Kerk neerstort. Dis behoorlik of hulle pens en pootjies deur die hededaagse ontluikende maelstroom van vuil rioolwater meegesleur word omdat hulle graag die aroma van rioolwater-dwaalleer wil versprei. Hulle is nie bereid om soos Paulus man alleen teen die tsunami van dwaalleer te staan nie.*

Die rede daarvoor is omdat hulle so graag goeie verhoudings met almal wil handhaaf (behalwe natuurlike die verpestelike fundamentaliste wat hulle dwaalleer knaend oopvlek) en ook nie die finansiële gevolge daarvan wil verduur nie. Of die leuse **"guilty by association"** (**"skuldig deur assosiasie"**) enige meriete het al dan nie, is nie die punt nie. Ons moet hou by wat die Bybel te sê het oor ongeoorloofde assosiasie met valse leermeesters en hulle dwaalleer.

2 JOHANNES 1:9-11.

"Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke."

Soos Stephan Joubert het Jan van der Watt blykbaar ook geen voorbehoude om luilekker in die geselskap van dwaalleraars sy eie eierdans te doen nie.

So het hy byvoorbeeld op Radio Sonder Grense en Radio Kansel Prof. Pieter de Villiers, professor in spiritualiteit by KOVSIES, as gas onthaal om die boeke en kontemplatiewe spiritualiteit van onder andere **Thomas Merton en Henri Nouwen** vir die luisteraars aan te beveel. U sou waarskynlik vra, maar wat is daarmee verkeerd? Wel ons het reeds in 2 Johannes 1 verse 9 tot 11 gesien wat daarmee verkeerd is en ook hoe gevaarlik dit vir God se skape en lammers is.

WIE WAS HENRI NOUWEN?

Henri J.M. Nouwen (1932-1996) was 'n **"gay"** Rooms Katolieke priester wat om die beurt by Harvard, Yale en die Universtiteit van Notre Dame klas gegee het. Hy het ook van 1957 to 1964 sielkunde aan die universiteit van Nijmegen - **waar Jan van der Watt tans verbonde is** - sielkunde gestudeer. Hy het sy doktorale graad in die sielkunde in 1964 verwerf. Hy het 'n ontsaglike groot invloed op die Ontluikende Kerk en in die besonder op kontemplatiewe spiritualiteit gehad. 'n Steekproef wat die Christian Century tydskrif in 2003 gedoen het, het bevind dat Nouwen se boeke eerste keuse geniet by beide Rooms Katolieke en die hoofstroom Protestantse kerke. Sy kontemplatiewe boek **"In the Name of Jesus"** is baie gewild.

Ongelukkig is die meeste Christene nie so bekend met Nouwen se aweregse benadering tot die Evangelie van Jesus Christus nie en die wyse waarop hy dit verdraai het om aan te pas by sy integeloof-geinspireerde universalisme. 'n Paar aanhalings uit sy geskifte en boeke toon hoedat hy die Evangelie van Jesus Christus nek omgedraai het.

Hy skryf in sy **Sabbatical Journey, p. 52,**

"Persoonlik glo ek vandag dat terwyl Jesus gekom het om die deur na God's huis oop te maak, alle mense deur daardie deur kan loop, of hulle Hom ken of nie. Vandag sien ek dit as my roeping om elke persoon te help om sy of haar eie weg na God op te eis."

Hy skryf in sy boek **The Way of the Heart, p. 81 -** geheel en al in stryd met die Bybel wat ons leer in Hebreërs 10:19-22 en Mattheus 6:7 - die volgende,

"Die stil herhaling van 'n enkele woord kan ons help om met ons gemoed neer te daal na die hart . . . Hierdie eenvoudige gebed . . . maak ons oop vir God se aktiewe teenwoordigheid."

Nouwen het soos Thomas Merton vir wie hy groot respek gehad het, die leringe van Oosterse ghoeroes met die antieke Katolieke dissiplines [kontemplatiewe spiritualiteit] gekombineer.

Hy skryf byvoorbeeld in sy boek **Pray to Live** met waardering van Merton se betrokkenheid by Hindoe monikke (pp. 19-28).

In die voorwoord tot **Thomas Ryan** se boek **Disciplines for Christian Living**, p. 2 skryf **Nouwen**:-

"Die outeur toon 'n wonderlike openheid vir die gawes van die Boeddhistiese, Hindoe en Moslem gelowe. Hy ontdek hulle groot wysheid wat dit vir die geestelike lewe van die Christen inhou en huiwer nie om hulle wysheid huis toe te bring nie." (Disciplines for Christian Living, p. 2).

Thomas Merton het sonder 'n sweempie van skaamte gesê, "Ek sien geen teenstrydigheid tussen Boeddhisme en die Christelike geloof nie . . . Ek beoog om 'n Boeddhis te word so goed ek kan."

Merton skryf in 'n brief aan 'n Sufi meester,

"My gebed neig baie na wat jy fana noem. So, vertel my wat is fana? Die Woordeboek van Mistisisme en die Okkulte definieer dit as "die eenwording met die Goddelike Eenheid."

Merton het die Sufi konsep van fana as 'n katalisator vir eenheid tussen die Moslem en Christen gelowe gesien. ten spyte van hulle ooglopende leerstellige verskille. Hy het in 'n gesprek met 'n Sufi meester oor die Moslem konsep van redding uitgevra.

Die **meester** het soos volg geantwoord:-

"Islam stel individuele verantwoordelikheid vir jou aksies voorop en onderskryf nie die leer van versoening of die teorie van verlossing nie."

Vir Merton het dit natuurlik weinig beteken omdat hy geglo het fana en kontemplatiewe gebed is dieselfde ding.

Hy reageer as volg,

"Vir my persoonlik - in sake waar dogmatiek verskil - dink ek dat kontroversie van gener waarde is nie omdat dit ons van die spirituele relaiteite weglei na woorde en idees . . . in woorde is daar moontlikhede vir oneindige kompleksiteite en subtiliteite wat buite die sfeer van 'n oplossing lê . . . belangriker is die deelname aan die ervaring van goddelike lig . . . Dit is hier waarin die area van vrugbare dialoog tussen die Christen en Islam gelowe bestaan."

Tydens 'n intergeloof konferensie in Thailand, sê **Merton**,
"Ek glo dat openheid teenoor Boeddhisme en Hindoeïsme, en teenoor hierdie groot Oosterse [mistieke] tradisies, ons 'n wonderlike geleentheid bied om meer oor die potensiaal van ons eie Christentradisies te leer."

WERKLIK? Wat jy waar kry? As die apostel van liefde, Johannes, die waarheid geskryf het toe hy gesê het,

1 TIMOTHEUS 4:1.

"Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie [en nie die leer van Christus + Boeddhisme + Hindoeïsme + Islam nie], hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun"

*Dan is Henri Nouwen en Thomas Merton nou al etelike jare in die hel. Ek laat my nie vertel dat sg. geestelikes wat sulke snert verkondig het nou in die hemel is nie. Tog sê Stephan Joubert dat hulle woorde "boumateriaal" en nie "aanvalswapens" is nie. Besef die man nie dat hy saam met hulle vermetele woorde teen God spreek nie? Om nie eens te praat van Jan van der Watt nie. Is hy nie skaam om die boeke van valse profete wat konstant vermetele woorde teen God gespreek het en nou in die hel is aan mense te verkwansel nie? Blykbaar is nie een van hierdie here (insluitende ghoeroes soos Trevor Hudson, Johan Geyser en hulle lakeie) bewus dat hulle die vyande van God wat nou in die hel is navolg en goedpraat nie. Is daar enigiets wat nog gedoen kan word om hulle tot hulle sinne te ruk, hulle op hulle knieë voor God te kry en uit te roep - **WEES MY SONDAAR GENADIG!** Blykbaar nie.*

Hulle laat jou dink aan die slag toe Stefanus die klomp Jode in Handeling 6 aangevat het oor hulle hardnekkigheid, onbesnedenheid van hart en ore en hulle hul ore toegedruk het, en toe klippe opgetel het en hom te stenig. **SOORT SOEK SOORT** Dit is verstommend hoe maklik die ontluikende broeders mekaar in die doolhowe van hulle kontemplatiewe labirinte vind en onmiddellik aanklank vind. Die Afrikaanse spreekwoord **"SOORT SOEK SOORT"** is 'n ware juweeltjie want dit beskryf in net drie woorde die gemeenskaplike hartsake van mense. Wie sou ooit kon dink dat Prof. Jan van der Watt kontemplatiewe ontluikendes aan die Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland as mentor onder sy vleuels sou neem?

JAN VAN DER WATT EN DION FORSTER.

Dion Forster is beslis nie meer net agter die ore wanneer kontemplatiewe spiritualiteite ter sprake kom nie. Hy is 'n gesoute mistikus wat nes sy eweknieë in the Ontluikende Kerk voortdurend na nuwe maniere soek om God en hulle naaste te dien en ook hoe om God te aanbid. Hulle is nie tevrede met die ou paaie nie. (Jeremia 6:16; 18:15).

So skryf **Mopbipocket** byvoorbeeld die volgende resensie oor sy boek **"An Uncommon Spiritual Path - The Quest to Find Jesus Beyond Conventional Christianity"** die volgende,

"Dit blyk vir baie Christene, en in die besonder vir persone wat die kerk verlaat het, dat die konvensionele Christendom nie genoeg bied om hulle geestelike lewens te rugsteun nie. Hierdie boek baan 'n ongewone geestelike pad deur die non-dualistiese spiritualiteit van Henri le Saux (Swami Abhishiktananda), 'n Franse Benediktyne monnik in Indië, te ondersoek. Sy benadering is uitdagend, dapper, en selfs verontrustend in sommige opsigte. En tog is sy diepe toegewydheid om Christus te vind 'n inspirasie."

Dis nie ongewoon vir enigeen wat nuwe weë na Christus wil baan om verontsrustende dinge te sê nie. Hoekom? Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood. (Spreuke 14:12)

Swami Abhishiktananda.

Abhishiktananda was die naam wat die Franse Benediktyne monnik Henri le Saux andgeneem het en wie se spirituele ervarings in Indië hom daartoe gebring het om 'n brug tussen Hondoëisme en die Christelike spiritualiteit te word.

Hy het versonke geraak in die atmosfeer van Indië, veral in die Hindoe perspektief van Advaita. Hy het 'n ashram en religieuse gemeenskap genaamd Shantivanam in 1950 op die been gebring en toe as Swami Abhishiktananda bekend begin staan. In sy laaste jare het hy hom egter aangetrokke begin voel tot 'n religieuse ervaring van afsondering en baie van sy tyd in die kluisenaars-grotte van Arunachala deurgebring. Nogtans het hy nooit sy Christenskap verloën nie en feitlik tot aan die einde van sy lewe die Mis gevier. Hy is daardie somer, nadsat hy verskeie jare feitlik as 'n kluisenaar gelewe het, deur 'n miokardinale infarksie verswak en is op 7 Desember 1973 in die Indore verpleeginrigting oorlede. So tussen hakies, die Radboud Universiteit in Nijmegen, Nederland waar Jan van der Wat tans verbonde is, is voortdurend besig om sogenaamd nuwe weë in die Christendom te help baan.

Die volgende verskyn op hulle webblad.

Ons benadering tot hierdie studieveld Meester spesialisasie in Praktiese Teologie Radboud Universiteit se Meester Spesialisasie in Praktiese Teologie gaan alles oor die studie rondom 'n geleefde religie en 'n geleefde spiritualiteit. Met watter herinneringe, motiverings en emosies konnekteer mense van vandag met Christenstories?

In die kerkverwante plekke en die beoefening van religie is die motiewe voor die handliggend want dit is gebaseer op eeue-oue praktyke en tradisies [Hulle verwys onomwonde hier na die Roomse Kerk se praktyke en tradisies want Radboud Universiteit is n Roomse instituut). Nogtans is dit dikwels minder duidelik en nie so voor die handliggend in die openbare en semi-openbare sektor nie. Die funksie van praktiese teoloê is om te soek na nuwe religieuse motiewe. Waar en hoe vind mens inspirasie?

Hoe gee hulle betekenis aan hulle lewens?

"Ek glo dat Praktiese Teologie 'n geval is om die die herinneringe, motiverings en emosies te vind waarin mense met hulle Christenstories by mekaar aansluit en na mening soek in hulle daaglikse lewe. In die hedendaagse samelewing sal jy baie van hulle op die mees verrassende manier vind as jy eenvoudig buite die kerklike domein soek. Dit is die toeloê se taak om te toon dat godsdiens nie besig is om te verdwyn nie: dit is besig om te transformeer." - Prof Dr. Chris Hermans, Professor in Praktiese Teologie aan die Radboud Universiteit.

Terwyl sistematiese teoloê vrae vra soos "Wat is vergifnis?" of "Wat is koptemplasie?" vra praktiese teoloê "Hoe hanteer mense vergifnis?" and op watter maniere en waar poog mense om met God te konnekteer.

Ons doel is om religieuse selfrefleksie gebaseer op die tekste, institture, idees en praktyke van die onderskeie godsdienste te bevorder.

Die vraag hierbo, "Wat is besig om te werk en wat nie?" is een wat alleenlik Christensendelinge kan antwoord. Sg. geleerdes aan universiteite, teologiese fakulteite, liberale kerke en insittute wat soek na nuwe vorme van religieusiteit en die transformasie van 'n religieuse identitet vir die Christenkerk is besig om die wêreld in chaos te dompel. Ja, en dit sluit die Radboud Universiteit in waar Suid-Afrikaanse teoloë soos Jan van der Watt en Stephan Joubert opleiding verskaf aan liberale teoloë soos Dion Forster, Rudolf Botha (verbonde aan die Dialoog Gemeente in Pretoria en Stephan Joubert se ekerk) en nog baie ander wat arrogant genoeg is om te dink hulle kan nuwe weê baan. Miskien sou u vir my sê dat die here wie se name ek in hierdie artrikel noem almal godvresende manne is wat die Evangelie suiwer verkondig. Enigiemand wat nuwe weê in die Christendom wil baan omdat dit kwansuis by die kultuur van die moderne mens moet aanpas, is nie besig om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig nie. As Christus gister, vandag en en tot in alle ewigheid dieselfde is (Hebreërs 13 vers 8) en by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie (Jakobus 1:17) dan moet sy Evangelie noodwendig ook wees soos Hy is - onveranderlik.

Hoe weet ons dit? Hy is die fondament waarop sy Evangelie gegrond is en enigeen wat aan sy Evangelie torring om dit kwansuis te vernuwe en aan te pas by die postmoderne mens is besig om aan die Fondament te torring. Knap voor die eerste Parlement van Wêreld Godsdiense in 1893 in Chicago, VSA, het 'n groep sendelinge die volgende verslag saamgestel om te waarsku teen die gevare van godsdiens pluralisme en toleransie (soos dit tans aan die Radboud Universiteit en baie ander universiteite in die Weste en veral ook nou in Suid-Afrika bevorder word.) So tussen hakies, **Jannie Pelser** se "**Nuwe Harstigting**" en **Graham Power** se "**unashamedly Ethical**" (waarvan Dion Forster ook deel is) wat op Hans Kung - 'n Roomse Katoliek en ondersteuner van die Vrymesselaars - se "**World Ethics**" gebaseer is, het tot op hede nie 'n duik gemaak in die toenemende misdaad, kindermoord (aborsie) en intoleransie in Suid-Afrika nie. Die rede hiervoor is die volgende (Die KJV sê dit mooi).

The wicked shall be turned into hell, and all the nations that forget God. (Psalm 9:17)

Dis sien ons dat mede redakteur **JAN VAN DER WATT** van die "**Boodskap**" net so kurrup is as Stephan Joubert.

Dus bly ons ver weg van die Boodskap!!!

NOG OOR JOUBERT.

Stephan Joubert en Jan van der Watt: Die NUWE nuwe Testament

Stephan Joubert het op 1 Mei 2022 sy en Jan van der Watt se "Die NUWE Nuwe Testament" aan die wêreld bekend gestel toe hy in een van sy spiksplinternuwe praatjies "So moet jy bid," Lukas 11 op 'n heel nuwe manier vir ons voorgedra het.

Knap na sy gewone openingsrede, vertel Stephan Joubert: – Prof. Jan het Lukas 11 aangrypend vertaal,. Dit het my hart warm laat klop van vreugde. Ek lees in Lukas 11 vers 1, Jesus was iewers besig om te bid. Toe Hy klaar gebid het, vra een van sy dissipels vir Hom, "Here, leer ons asseblief ook bid soos Johannes sy dissipels geleer het." Van al die vrae wat sy dissipels Hom kon vra, vra hulle Hom, "Here, leer ons bid." Ons het 'n beter leermeester nodig om ons te leer hoe om te bid.

Blykbaar is "Laat U Naam geheilig word" nie so aangrypend genoeg nie. Hoe dit ookal sy, nuwe dinge bly nou maar eenmaal die mens se grootste, grootste droom.

Dink daaraan, as die DNA nuut-giertjie nie deel was van die mens se alledaagse droomwêreld nie sou die wêreld gou-gou op 'n doodloop straat uitgeloop het—d.i., bygesê, alleenlik op die tegnologiese terrein. Deesdae word daar byna elke dag iets nuuts ontdek. Dink maar net aan die hope ou rekenaar komponente wat weggegooi word om plek te maak vir nuwe ontwikkelings. Op die geestelike terrein beteken nuwe dinge geheel iets anders, in die sin dat dit te make het met die mense se psige, sy siele- en geeste-toestand.

As Paulus skryf,

2 KORINTHIËRS 5:17.

"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."

Dan praat hy van mense wat nuwe skepsels geword het deur die prediking van God se waarheid en hulle geloof daarin. Geestelike nuut-wording of herskepping kan nie deur mense vermag word nie, en netso kan hulle nie van die wêreld 'n beter plek maak nie, 'n grootpraterij wat jy deesdae meer en meer in die kerke hoor. Sou dit vir die mens moontlik wees, sou hulle die oorsaak vir 'n slegte en gevalle wêreld geheel en al uit die weg moes ruim, nl. die sonde.

Desnieteenstaande het die ontluikende ("Emergent") mistici die "nuwe-gier" gogga ook in die kerk losgelaat, vanaf die kansel tot doer agter in die "moederskamer." Danksy Nelus Niemandt, is dit nie nou net "Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede" nie, maar ook "Nuwe Leiers vir Nuwe Werklikhede." Die onderrig, leringe en leiding wat Jesus Sy twaalf apostels gegee het, was nie voldoende en suksesvol nie. Nuwe leiers en hulle nuwe werklikhede is nodig om die nuwe probleme van ons tyd aan te spreek.

2 TIMOTHEUS 3:16.

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,"

Buig of bars die Evangelie soos dit eens en vir altyd deur die apostels aan die heiliges oorgelewer is (Judas 1:3) moet vernuwe word om aan te pas by die "google" gemeenskap van ons tyd omdat die kerk kwansuis in die moeilikheid is.

JUDAS 1:3.

"Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is."

Miskien is die afvallige kerke in die moeilikheid juis omdat hulle deurspek is met die NUWE nuwe evangelie van die **Ontluikende Kerk ("Emergent Church")**, maar die kerk wat deur Jesus Christus gebou word, sal nooit in der ewigheid in die moeilikheid wees of kom nie.

MATTHEUS 16:18.

"En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."

Sy kerk word gebou op die waarheid soos Hyself dit in sy Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 verwoord het:

JOHANNES 17:17.

"Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid."

Enigeen wat dit durf waag om God se waarheid te vernuwe, te poleer of vars en nuut oor te dra sodat mense dit kwansuis beter kan verstaan, is nie besig om dit vir nuwe geslagte makliker te maak om die Bybel in hulle eietydse taal te verstaan nie. Hulle is besig om kernwaarhede in die Skrif op 'n baie subtiële manier uit te skrywe of uit te rangeer. Stephan Joubert en Jan van der Watt het in 1996 hulle nuwe vertaling van die Nuwe Testament, die Psalms en Spreuke vrygestel.

In die inleiding tot **"Die Boodskap"** is hulle redes vir nog 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling presies dieselfde as dié in die voorwoord tot Die **NUWE** Nuwe Testament, nl. dat ons die Nuwe Testament wat oorspronklik in Grieks geskryf is, in ons eie alledaagse spreektaal moet hoor. Toegegee, dit klink goed, maar, sodra die vertaling sekere kernwaarhede uitskrywe of uitrangeer, dan is dit nie 'n goeie ding nie. Sommige van die kernwaarhede wat hulle uitskrywe gaan oor die eindtyd en God se handeling met Israel as sy uitverkore volk deur die eeue, en veral in die eindtyd.

Joubert en van der Watt skryf in die voorwoord, **"Omdat Bybelvertaling ons passie is, was die idee met hierdie vertaling om die gaping tussen letterlike en vryer vertaling met 'n maklik leesbare Afrikaans te vul?"**

Die hoofdoel met hierdie vertaling bly dus, soos met die **"Die Boodskap"** vertaling (1996), die gebruik van **"'n maklik leesbare Afrikaans."** Het die semantiek van Afrikaans binne die bestek van 26 jaar so drasties verander dat 'n makliker leesbare Afrikaanse vertaling nodig geword het? In elk geval, die hedendaagse taalgebruik van die jonger geslag is so deurspek met Engelse woorde en uitdrukkings dat dit eintlik maar 'n baster Afrikaans geword het.

Kan ons moontlik 'n opvolg nuwe **NUWE NUWE** vertaling in die nabye toekoms sien wat hierdie geradbrakte Afrikaans insluit? Wat is so danig uniek aan Die Nuwe Nuwe Testament vertaling wat die Afrikaans in **"Die Boodskap"** soveel makliker maak? Is die Afrikaans van **"Die Boodskap"** van 'n laer gehalte as dié van **"Die NUWE Nuwe Testament"** vertaling? Indien nie, dan moet daar iets skort met die inhoud van **"Die Boodskap"** vertaling met die gevolg dat hulle 'n NUWE nuwe vertaling die lig moes laat sien. 'n Vinnige Google soek na die woord **"holy"** het nagenoeg 3 680 000 000 resultate gelewer. Die woord **"heilig"** verskyn 37 800 000 keer en die woord **"respek"** net 4 550 000 keer. Dit sê nogal iets oor Joubert en van der Watt se **"maklik leesbare Afrikaans"** argument, en dit klink nie juis baie goed of soos 'n NUWE nuutjie nie. Hoe akademies geleerd moet jy wees om te verstaan wat hierdie eenvoudige frase beteken, **"Laat U Naam geheilig word?"** In die eerste plek leer Eksodus 20 ons nie hoe ons teenoor God en sy Naam moet optree nie, maar hoe ons NIE daarteenoor moet optree nie. **"Jy mag die Naam van die Here jou God NIE ydelik gebruik NIE"** is 'n sg. negatiewe opdrag. Dit sê vir ons wat ons nie mag doen nie, en nie wat ons moet doen nie. **Ons mag sy Naam nie misbruik nie.**

Die misbruik van sy Naam is nie net beperk tot die gebruik van sy Naam as 'n krag-woord nie, of as iets wat jy sommerso in die verbygaan in 'n gesprek noem nie, soos "**O! My God**" ("**Oh! My God**"). Sy heilige Naam kan ook op baie ander maniere ontheilig (misbruik) word. Hier volg 'n lys van die maniere waarop God se Naam misbruik kan word.

VERDRAAIING VAN DIE BOEK OPENBARING

Volgens **Stephan Joubert** moet jy die boek Openbaring vanuit die oogpunt van 'n verbeeldingryke wêreld lees en nie as 'n klomp klein profesieë nie. Tydens 'n Kongres by die Mosaïek Kerk verklaar hy met die grootste minagting vir God en sy woord: - "**You need an imaginary world. Don't you think that if you start reading the book of Revelation, not as the book of little prophecies that you can pick out with a little tweezer, but as the story that will open up your imagination, what will happen? We need imagination if we want to understand. Use it well. God gave it to you.**"

Jürgen Moltmann

Hiermee loop Stephan Joubert nie in die voetspore van Jesus Christus nie maar in dié van Jürgen Moltmann se verbeeldingsvlugte: -Moltmann dink dat die Christelike teologie binne die raamwerk van 'n ekumeniese broederskap ontwikkel moet word.

Hierdie broederskap reik egter verder buite die grense van ons teenswoordige denominasionele, kulturele en politieke perke. Gevolglik was Moltmann aktief betrokke by ekumeniese dialoë met Rooms Katolieke, Ortodokse Christene en Jode. **Juis hierom lê Moltmann se teologie opgesluit in die verbeelding (fantasie) vir die Koninkryk van God in die wêreld en vir die wêreld in die Koninkryk van God.** Verbeeldingrykheid vir die Koninkryk van God spruit uit die passie vir die Koninkryk van God, en hierdie passie ontwikkel in die gemeenskap met sy Messiaanse Jesus.

In hierdie sin is Moltmann 'n innoveerder.

Die verbeeldingryke Koninkryk van God in die wêreld en vir die wêreld is dan niks anders nie as Jürgen Moltmann se toekomstige nuwe wêreld waarop almal sonder uitsondering op pad is — **"God is die toekoms waarheen Hy besig is om alles en almal in Homself te verenig."** Niemand kan nou reeds die volle waarheid oor God ken nie en sal eers by die eindpaal van hulle **"journey,"** die nuwe Paradys, 'n openbarings-bewussyn ontvang om die volle waarheid te ken. Al wat nou tot ons beskikking is, is verbeeldingryke en intuitiewe insigte wat met behulp van mistieke praktyke soos Lectio Divina, Stilte, kontemplatiewe en apofatiese meditasie tegnieke, labirinte, ens. aangehelp word.

JESUS SE GEBED VERSUS STEPHAN JOUBERT SE APOFATIESE GEBED

In sy boek "**Jesus - 'n Radikale Sprong**" waarin hy kontemplatiewe meditasie bevorder en nog steeds aan mense verkwansel, hoewel hy dit ontken, skryf **Joubert** op bladsye 199 - 200 as volg:

"Lewens gevul met refleksie en stille nadenke. Innoverende geloofsgemeenskappe keer toenemend terug na die oorspronklike wortels van die Christendom. Mense se diepgaande behoefte aan 'n lewensveranderende spiritualiteit in ons gejaagde wêreld, inspireer die herontdekking van kosbare dissiplines uit die vroeë kerk op baie plekke.

[DTW skryf: Die kontemplatiewe evangelie lê altyd klem op die noodsaaklikheid om "**ons gejaagde lewe**" te ontvlug, so asof dit die mens se grootste probleem is, terwyl hulle die eintlike belhamel, nl. die sonde, feitlik nooit in hulle preke, boeke en akademiese geskrifte noem nie. God sê daar is geen vrede vir die goddelose nie (**Jesaja 48:22**) omdat hulle soos 'n onstuimige see is en nooit tot rus kan kom nie, en soos onstuimige waters altyd net slyk en modder opgooi. (**Jesaja 57 20**). Jesus het nie vir 'n gejaagde leefstyl gesterf nie; Hy het vir die sonde gesterwe. Stephan Joubert praat snert.

Pleks daarvan om mense na Jesus toe heen te wys, verwys hy hulle na apofatiese en ander kontemplatiewe gebedstyle waarmee hulle leringe van duiwels optel, en nie die rus en vrede wat Jesus Christus alleen vir hulle kan bied nie].

Besinnende, apofatiese gebed, asook die geestelike lees van die Woord (Lectio Divina) is weereens aan die orde van die dag. Die herlewing van terugtrekkers, pelgrimstogte en besoeke aan plekke van gebed en alleenheid is tekenend van hierdie wêreldwye soeke in Christelike kringe na 'n innerlike deel van die karakter van die Lewende God.

[DTW skryf: Kan iemand wat waarlik gered is sulke kaf kwytraak? Retraites waar hulle jou leer om apofatiese gebede te beoefen, pelgrimstogte te onderneem, plekke van gebed te besoek, en afsondering te beoefen, kan hoegenaamd nie die karakter van die lewende God in jou vorm nie. Die Samaritaanse vrou wat Jesus by die put van Jalob ontmoet het, het spiritualiteit ook met sekere plekke waarheen jy gaan om God te aanbid, vereenselwig. Jesus het haar sommer baie gou reggehelp deur te verduidelik dat die ware en egte aanbidders van God nie op 'n missie gaan om God op bepaalde plekke te aanbid nie, maar Hom in Gees en in waarheid aanbid net waar hulle hul ook al mag bevind. (Johannes 4:1-45)]

Die nuwe reise van baie Christene is daardie groot innerlike reise. Nou gaan dit oor die reis van die siel op pad na groter vrede en rus aan die voete van God. Hierdie soeke word nie net tydens die donker oomblikke van die siel onderneem nie. Nee, dit word ook aangepak as deel van mense se normale geestelike dissipline(-s) van toewyding aan God.

[Nuwe reistogte veronderstel vanselefsprekend nuwe paaie of nuwe weë. Hierdie paaie is inwaarts gerig, na jouself. Benewens Paulus se waarskuwing dat daar niks goeds in die mens se selfwesendheid is nie (**Romeine 7:18**), lei enige ander pad wat 99.9% reg lyk maar net 0.1% afwyk van die pad wat God van ons verwag om op te wandel (**Johannes 14:6**) na die ewige verderf (**Spreuke 14:12**).]

Dit beteken dat die huidige belangstelling in retraites aangevul word met die daaglikse beoefening van hierdie beginsels. Baie geloofsgemeenskappe reël spesiale geleenthede soos stille dienste, daaglikse nagmaal en kleiner byeenkomste om God se teenwoordigheid, heiligheid en grootheid te ervaar deur geestelike dissiplines van stilte en alleenheid.

[Alle kontemplatiewe evangeliste is behep met ervaringstogte waartydens hulle met behulp van daaglikse praktyke (veral van Ignatius van Loyola),

stilte en afsondering, God se teewoordigheid, heiligheid en majesteit wil betree. Na regte vertrap hulle die bloed van Christus onder hulle voete en smyt dit met minagting terug in God die Vader se gesig wat verklaar het,

HEBREËRS 10:19-22.

"Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water."

Die bloed van Christus is die **NUWE en LEWENDE WEG** en nie 'n klomp spirituele oefeninge of apofatiese gebede wat die deure van die hel vir jou wawyd oopmaak nie.]

Christelike meditasie en nadenke oor die Woord in hierdie konteks dien as reisgidse. Lectio Divina met sy pragtige fasette van oratio, contemplatio, lectio en meditasie het ten doel om die Woord van God deel van die gelowige se metabolisme te maak sodat dit in hul harte en lewens verskans kan word.

[Dié is seker, iemand wat apofatiese gebed toepas om hulle rasionele denke geheel en al uit te skakel, om hulle verstand te dreineer van alle idees, woorde, en denkpatatrone, kan beslis nie die Woord van God in sy regte konteks verstaan nie, en allermens om die Woord van God deel te maak van hulle metabolisme. Apofatiese gebed is die absolute teendeel van wat in 1 Petrus 5:8 staan.]

Vandag se nuwe heiliges is diegene wat in eensaamheid vrede en stilte by God vind en dit op egte maniere manifesteer. Hulle is die stille stemme van hoop. Hulle eie geheimsinnige ontdekkings van God se goedheid is magneties. Hulle is die nuwe wegwysers wat mense help om sin in hul lewens te vind. Hulle is innemende medereisigers na God se hart wat mense in nuwe verhoudings met God lei. Mense soos Willem Nicol, Trevor Hudson en Johan Geyser is sprekende voorbeelde van hierdie spiritualiteit."

[Stephan Joubert gebruik die woord "new" nie minder nie as vier keer; "new journeys," "new saints," "new signposts," en "new relationships with God." Daarmee wil hy seker voorgee dat alles wat vóór sy "new saints" gebeur het alles maar net "old hat" is.

Dit laat my dink aan Paulus se woorde in **Romeine 16:18**,
"Want sulke mense dien nie onse Here Jesus nie, maar hulle eie buik; en hulle verlei deur hul vriendelike en mooi woorde die harte van die eenvoudiges."]

Alles wat Stephan Joubert in sy preke en op sy webblad, Ekerk, kwytraak, verskil hemelsbreed van wat hy in sy boeke skrywe. In die bogenoemde aanhaling uit sy boek, **"Jesus - 'n Radikale Sprong"** is hy beslis nie besig om te bid, **"Vader, mag mense met die grootste respek van U praat en U so eer"** nie. Pleks daarvan, moedig hy mense nie net aan om die mistieke apofatiese gebedstyl te beoefen nie; hy praat met die grootste respek van mense soos **Willem Nicol, Trevor Hudson** en **Johan Geyser** wat kwansuis wegwyers is.

Hulle is beslis wegwyers, nie na God nie maar na:

SPREUKE 14:12.

"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."

In sy eerste gepubliseerde boek **"Stem in die Stilte"** skryf **Willem Nicol** Op bls. 97.

"As mens op ingewings wag, kan jou eie innerlike of selfs bose magte ook met jou praat."

Hierdie kort sinnetjie omskrywe presies wat apofatiese gebed is. Terwyl Katafatiese gebed 'n bepaalde inhoud het en gebruik maak van woorde, beeldjies, simbole en idees (o.a. verbeeldingsvlugte), is apofatiese gebed inhoudloos. Dit behels die ontlediging of dreinerings van die verstand (gedagtes) van alle idees en woorde om dan net in die teenwoordigheid van God te sit. Mistici soos Stephan Joubert is baie lief om oor Lukas 10:38-42 te preek waar Marta haar suster, Maria, oor die kole haal omdat sy tydens 'n besoek van Jesus aan sy voete gesit het terwyl sy die kos voorberei het. Hulle gebruik dit as voorbeeld om apofatiese gebed op 'n baie subtiel manier te onderskryf, omdat Jesus se woorde aan Martha, *"een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie,"* die kersie op die apofatiese koek sit.

Luister bietjie wat sê **Frederick G. McLeod** in sy artikel **"Apophatic or Kataphatic Prayer?"**

"The Cloud of Unknowing is 'n literêre meesterstuk waarvan die invloed in ons eie dag nog wyd gevoel word. Dit verskaf 'n duidelike, bondige en oortuigende stelling oor wat 'apofatiese' gebed is en hoe 'n mens daarin kan ingaan. Die skrywer is van die begin af versigtig om daarop aan te dring dat sy werk nie vir alle mense bedoel is nie (43).

'n Mens behoort eers oor jou sondes en oor Christus se lewe en Lydenstyd te peins (57). Maar vir diegene wat die behoefte aan 'n dieper ervaring aanvoel - mits hulle in die gewete gesuiwer is (85) en toegerus is met 'n ontspanne, gesonde en kragtige geaardheid van liggaam en siel (101) - dring hy aan op 'n soort gebed waar 'n mens leer om tuis wees in 'n donker wolk bo alle gedagtes en beelde (48-49).

[DTW skryf: Die Bybel sê nêrens dat ons oor ons sondes moet mediteer nie. Dit sê ons moet ons sondes teenoor die Here bely en laat staan.]

Die skrywer dring ook daarop aan dat geen metode of tegniek die soort ervaring kan meebring wat hy op die punt staan om te beskryf nie. Terwyl hy bely dat hulle almal uiteindelik nutteloos is (92), stel hy 'n manier voor wat nuttig kan wees: sentrering van gebed. Een daarvan is om 'n enkele woord (bv. God) te kies (94) en dan enige gedagte, beeld of gevoel wat ook al mag opduik te verwerp om sodoende 'n mens se aandag net op die werklikheid anderkant die woord te fokus (104). Hierdie toestand word die wolk van vergeetagtigheid genoem. Want dit blokkeer elke skepsel en skeppende aktiwiteit van 'n mens se bewustheid en draai om die wolk van onwetende sweef tussen God en self te konfronteer (112).

Terwyl mens as't ware totaal verlore is in hierdie ondeurdringbare wolk, wag 'n mens op die roering van 'n sagte maar kragtige beweging wat uit die dieptes van jou wese ontstaan (112). Hierdie roering is 'n genade wat nie vir onskuld gegee word of vir sondes weerhou word nie (91). Slegs die persoon wat hierdie aansporing werklik in 'n mens se gees ervaar, het die aanleg vir kontemplasie en niemand anders nie (91). Al is hierdie roering die ligste van aanraking (52), vul dit 'n mens met onoortreflike vreugde en entoesiasme. Dit is ook blind - in die sin dat elke passie poog om sy begeerte te vervul, ongeag wat 'n persoon van plan is. Wanneer dit aangevoel word, dring hierdie roering 'n mens om opwaarts te styg na God verborge in die wolk van onwete. Een moet heelhartig oorgee aan die spontane begeerte wat in hierdie passie teenwoordig is en gaan waar dit lei (91). 'n Mens doen dit in werklikheid gretig, want so 'n onderwerping word gevoel as wat die self mees fundamenteel begeer. Mens spring na God soos 'n vonk uit 'n vlam (52), en ontdek dat hoewel God nie deur konsepte vasgegryp kan word nie, Hy deur liefde vasgegryp kan word (50). Bogenoemde beklemtoon duidelik wat die apofatiese metode en gebedservaring is. 'n Mens probeer om verby bewuste bewustheid te reik - verby gedagtes en beelde - en by die diepte van jou wese uit te kom, daar om die koms van die Here te wag.

It is the Lord who stirs an irresistible passionate longing for Himself and gives this as a gift. When this occurs, one must willingly and unconditionally commit oneself wholeheartedly to this passion. This then opens up to a sense of union with God where the bond of relationship is experienced as real, passionate and fulfilling. One does not know or even care who God is or what He is. One is simply satisfied with the Lord as He exists at this moment in a relational union with oneself."

Die heel laaste sinnetjie verduidelik presies waarom dit gaan, nl. 'n ekstatiëse ervaring van eenwording met God wat die relasionele band tussen jou en iemand (volgens hulle is dit God) so intens werklik, hartstogtelik en oorvloedig maak dat jy nie juis omgee wie of wat God is nie. **Wat sê God hiervan?**

JOHANNES 17:3.

"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

En dit, liewe vriende, is wat Stephan Joubert en Jan van die Watt julle leer terwyl hulle ewe vroom bid, **"Vader, mag mense met die grootste respek van U praat en U so eer,"** en baie mense op die pad van Spreuke 14:12 begelei.

En dan weet te vertelle **Stephan Joubert** ons dat "Reflektiewe, apofatiese gebed, sowel as die geestelike lees van die Woord (Lectio Divina) is weereens aan die orde van die dag."

Dis gif, mense, die gif van die slang van Eden. PASOP!

GOD SE DROOM

'n Ander term wat dikwels naas dié van 'n "verbeeldingryke wêreld" gebruik word, is "God se droom." Hiervolgens is God tans besig om iets nuuts in sy skepping te doen wat gebaseer is op 'n tipe omgekeerde entropie, waarvolgens Hy 'n U-draai terug na die Paradys maak in plaas van om die wêreld te bestem vir, soos 2 Petrus 3:10-12 verklaar, " . . . die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand."

Bono, die "rock-sanger" van U2 wat hom as 'n volgeling van Jesus voordoen (2 Korintiërs 11:13-15) en van wie Eugene Peterson, Rob Bell en baie ander Ontluikende Kerk leraars met groot lof praat, glo dat daar nie n letterlike hel is nie. Soos die Koninkryk van God nou reeds op aarde is, so-ook is die hel nou op aarde.

Terloops, Bono het 'n geweldige groot invloed op die Ontluikende Kerk. Rob Bell, een van Stephan Joubert se vroeëre ghoeroes wat hom geleer het dat daar selfs waarheid in die Boeddhisme gevind kan word, het van Bono gesê dat hy God die heel eerste keer ontmoet het toe hy een van Bono se konserte bygewoon het (Velvet Elvis: Repainting the Christian Faith, p. 72).

Rick Warren van "**Die Doelgerigte Lewe**" faam het Bono na sy Saddleback Kerk genooi om sy PEACE Plan te lanseer. Soort soek inderdaad soort. Dít, glo hulle, is die kern-gedrewenheid van hulle hoop. Hulle hoop is dus nie gesentreer in die persoon van Jesus Christus en Sy onkreukbare beloftes nie (**2 Korintiërs 1:20**), maar in 'n verbeeldingryke tog ("**journey**") na hulle uiteindelijke bestemming in God want Hy is die beliggaming van almal se toekoms, d.i. die Koninkryk van God.

VERDRAAIING VAN DIE OPSTANDING UIT DIE DOOD VAN JESUS CHRISTUS

Hou in gedagte dat ons besig is met die begrip "**Laat U Naam geheilig word**" en die waarskuwing dat ons Sy Naam nie mag misbruik nie. Sekerlik die onhebbelikste misbruik van God se Naam is die miskenning van Jesus Christus se liggaamlike opstanding uit die dood, en om dit in terme van 'n metaforiese of geestelike opstanding te verklaar.

U onthou sekerlik hoe Ferdie Mulder destyds in 2006 Stephan Joubert en Jan van der Watt se ondersteuning geniet het toe hy as teologiese student lewenslank uit die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria geskors is omdat hy drie van sy dosente van teologiese dwaalleer beskuldig het. Mulder se stryd teen Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human het gegaan oor hulle ontkenning dat Jesus Christus fisiek en letterlik vanuit die dood opgestaan het. Wie het ooit kon droom dat Stephan Joubert wat Ferdie Mulder destyds saam met Jan van der Watt ondersteun het, so gou vanaf die hoogste piek van goddelike kragbetoning in die fisieke en letterlike opstanding van Jesus Christus vanuit die dood, sou neerdaal tot in die laagste vlaktes van Moltmanniaanse hopeloosheid.

1 KORINTHIËRS 15:14-17.

"En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;"

Moltmann se siening van die opstanding van Christus pas netjies in binne die raamwerk van 'n metaforiese of geestelike opstanding, in dié opsig dat hy dit nie as 'n histories afgehandelde en gedane gebeurlikheid beskou nie (Tetelestai), maar as 'n soort ontsluiting van toekomstige gebeure.

Hy skryf in sy **"Theology of Hope"**

"Die opwekking van Christus moet dan "histories" genoem word, nie omdat dit in die geskiedenis plaasgevind het waartoe ander kategorieë van een of ander soort 'n sleutel verskaf nie, maar dit moet histories genoem word omdat, deur die weg vir toekomstige gebeure aan te dui, dit maak geskiedenis waarin ons kan en moet leef. Dit is histories, want dit openbaar 'n eskatologiese toekoms. Hierdie bewering moet dan bewys lewer van homself in stryd met ander konsepte van geskiedenis, wat almal uiteindelik gebaseer is op ander "geskiedenismaakende" gebeure, skokke of revolusies in die geskiedenis."

"Theology of Hope" p. 25, HarperCollins, New York, 1991

Vir Moltmann is die toekomstige en finale universiele opstanding van alle mense en die gepaardgaande finalisering van hulle saligmakende redding (**universalisme per se**) die finale empiriese bewys dat Christus uit die dood opgestaan het, en nie omgekeerd nie.

Dusdoende kan Moltman volmondig verklaar dat God nog nie volledig God is nie. Hy is in 'n soort ritmiese proses ("journey") van God-wording gewikkel. Hyself is dus nog op 'n "journey." tot Messiaskap. Niemand kan dus nou in ons afgemete tydraam weet of God werklik God is nie. Ons moet eers wag totdat die toekomstige universele opstanding van alle mense aanbreek.

Hy skryf in sy **"Resurrection as Hope," p. 52.**

"Die Christelike hoop is nie gegrond op die geïsoleerde gebeurtenis van Jesus se opstanding nie, maar in sy totale persoon en hele geskiedenis - wat deur die opstanding eskatologies gekwalifiseerd geword het. ... Deur Jesus se opstanding te bely, impliseer geloof nie dat Jesus na die hemel verwyder is of in God verewig is nie, maar dat Hy ontvang is in die toekoms van die 'koninkryk van die hemel' en die komende heerlikheid van God."

Op bladsy 197 van sy boek skryf hy,

"Die opwekking van die dooies is 'n uitdrukking wat met verwagting kyk na die toekomstige bewys van God se skeppende mag oor die nie-bestaande. Wat die opstanding van die dooies werklik is, en wat 'eintlik gebeur het' in die opwekking van Jesus, is dus iets wat nie eers die Nuwe-Testamentiese Paasfees-verhale bely om te weet nie."

*Uit die twee wedersyds radikaal teenstrydige ervarings van die kruis en die verskynings van Jesus , die argumenteer vir die gebeurtenis tussenin as 'n eskatologiese gebeurtenis waarvoor die verifieerende analogie nog net in die vooruitsig is en nog moet kom."*Jürgen Moltmann, "Theology of Hope" p. 197, HarperCollins, New York, 1991

Die skrei ten hemele en ook teen alles wat Paulus aan die kerk in Korinte oor die opstanding geskryf het.

1 KORINTHIËRS 15:13-14.

"As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof;"

In skrilte kontras met Moltmann, getuig Paulus dat dit enkel alleen die opstanding van Christus as 'n verifieerbare geïsoleerde gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis is wat ware Christene hoop gee vir 'n toekomstige ewige blyplek saam met God in die hemel, en dus ook so hulle geloof in God onteenseglik staaf. Jesus Christus het dit pas vóór sy kruisiging gestaaf toe Hy sy dissipels met hierdie belofte getroos het,

JOHANNES 14:1-3.

"Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

As Christus se opstanding nie histories beskou moet word nie en alleenlik êrens in die toekoms sy finale beslag en betekenis kry om dit uiteindelik histories verifieerbaar te maak, dan kan Adam en Eva se erfsonde ook nie as histories beskou word nie. Hierdie onbybelse geklater spruit uit Moltmann se idee dat "God nog nie volledig God is nie," omdat Hy tans nog deel is van dié tyd wat voortstu na die toekoms.

(RRF, "Hope and History," p. f. The Thomistic question concerning the existence of God is replaced by the question of when God will be fully God)

As God vasgevang en beperk is deur die toekoms, dan gee die toekoms die mensdom onbeperkte moontlikhede. Moltmann se opmerking, "Mense het die reg om hulle eie toekoms te bepaal," mag miskien polities korrek wees maar dit is beslis nie teologies nie.

Neem kennis dat die leerstelling oor erfsonde geen plek in Moltmann se teologiese raamwerk het nie. Dit beteken dat sonde nie 'n breuk in die regte en heilige verhouding met God veroorsaak nie, die horisontale verbreking van verhoudings onderling met mense is die bron van alle sondes.

(RRF, "Religion, Revolution, and the Future," p. 39).

Gevolgtrek lê die Mosaïek Kerk van Johan Geyser geweldig klem op die relasionele verhouding tussen mense. Paulus skryf,

ROMEINE 12:18.

"as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense."

Dit is nie altyd moontlik om in vrede met sommige mense te lewe nie, veral diegene wat 'n ander Jesus volg en aanbid. Kom ons noem hulle sommer so in die verbygaan "**Satan se Draadsitters**" of miskien sagter gestel "**Moltmann se Draadsitters**." Dit bly maar nog steeds dieselfde ding.

VERDRAAIING VAN DIE WEDERKOMS

Soos met die boek Openbaring, baseer Joubert sy uitleg ook hier op flagrante leuens. In Die Boodskap lui hulle vertaling van **2 Tessalonisense 2:2-3** as volg,

"Ek het gehoor dat julle nog baie vrae en probleme oor die wederkoms het. Party van julle het al skoon moed verloor. Ander weer is doodbang. Dit is omdat julle alles vir soetkoek opeet wat mense vir julle oor die wederkoms vertel. ... Julle is nou skoon paniekbevange want julle dink die wederkoms gaan enige oomblik plaasvind. Ek hoor party van julle het selfs al opgehou werk en wag net dat dit moet aanbreek" **(DIE BOODSKAP)**.

Joubert, van der Watt en hulle boeties en sussies in die Mosaïek Kerk sou waarskynlik paniekbevange en doodbang wees omdat hulle dink die wederkoms gaan enige oomblik plaasvind, maar ware en opregte Christene (nie net in naam nie) wag met reikhalsende verlange en groot blydschap daarop. Dit is dié dag op hulle geestelike kalender wat alle ander dae in die niet laat vervaag.

Inderdaad, hulle bid nie, "Ja kom Here Jesus, kom tog gou want ons is skoon paniekbevange oor die moontlikheid dat u enige oomblik terug kan kom" nie.

Dis mos malligheid in die ekstreem.

J. Dwight Pentecost skryf:

"Die woord dag soos dit in die Skrif gebruik word, is nie noodwendig 'n tydwoord nie, maar kan gebruik word vir die gebeure wat binne enige tydperk val.

Paulus gebruik dit so in **2 Korintiërs 6:2**, wanneer hy praat van die "dag van verlossing". Sommige, wat dit nie sien nie, het gevoel dat omdat die Skrif "die Dag van die Here" en die "Dag van Christus" noem, hierdie twee op twee verskillende tydperke moet kom, en gewoonlik sê dat die "Dag van Christus" na gebeure verwys. van die verdrukkingstydperk en die "Dag van die Here" verwys na gebeure wat verband hou met die wederkoms en die millennium wat volg. Sekerlik, twee verskillende programme is in die vooruitsig in hierdie twee dae, maar hulle kan binne dieselfde tydsgebied val. Die twee dae kan dus dieselfde begin hê, al is twee verskillende programme in die vooruitsig. Dit mag wees dat daar in **1 Korintiërs 1:8** verwys word na "die dag van die Here Jesus Christus" om te wys dat Hy verwant is aan albei hierdie dae, synde beide "Here en Christus". (Handelinge 2:36)."

Things to Come, p. 232

Paulus het nie sy brief aan die kerk in Tessalonika geskryf om hulle te herinner aan vorige geleenthede toe hy sy leringe oor die Tweede Koms van Christus na die aarde aan hulle oorgedra het nie. Hy het dit geskryf om hulle te waarsku teen valse apostels wat met slinkse bedrog sy naam gebruik het om hulle te mislei met die leuen dat hulle reeds in die groot verdrukking was en dus die Wegraping misgeloop het.

ONTKENNING VAN DIE PRE-VERDRUKKING WEGRAPING

Stephan Joubert en Jan van der Watt is twee uitgelese Bybelvertalers maar sukkel nog steeds om Jesus se woorde;

MATTHEUS 24:21.

"Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie."

Om **Mattheus 24:21** reg te verstaan, om nie eens te praat van hulle misverstaan van **Jeremia 30:7** nie;

"Wee want die dag is groot, sonder weerga! En dit is die tyd van benoudheid vir Jakob (Israel)."

Die frase "**sonder weerga**" pas 100% in by Jesus se woorde in **Mattheus 24:21** en beteken op Engels "**without parallel,**" "**unmatched,**" "**consummate,**" "**inimitable,**" "**unequaled,**" "**unrivaled,**" "**unsurpassed,**" "**without equal,**" "**second to none.**" Dit is so duidelik soos daglig en tog skryf **Joubert** die volgende,

"Die kerk het nog altyd verdrukking ervaar, en sal dit ook bly ervaar totdat Jesus eendag terugkom. Dink maar net aan al die derduisende, ja selfs miljoene Christene wie se bloed deur die loop van die geskiedenis vir hulle Heiland gevloei het. Het hulle dan nie die grootste van alle verdrukkinge persoonlik aan hul eie lywe ervaar nie? Kan dit ooit erger gaan as gelowiges hulle eie lewe moet verloor omdat hulle vir Jesus liefhet? Dink maar aan 'n Jakobus; 'n Stefanus; 'n Petrus en 'n Paulus wat Jesus se lydensbeker enduit moes drink omdat hulle Hom bely het as hul Heer. En dink aan die derduisende Christene wat gedurende die eerste drie eeue doodgemaak is. Een van die kerkvaders vertel trouens vir ons dat daar op 'n tydstop so baie Christene doodgemaak is dat daar nie vinnig genoeg grafte vir hulle gegrawe kon word nie. Daarom is hulle lyke eenvoudig in riviere gegooi. Is hierdie mense die groot verdrukking gespaar? Nee, hulle moes eenvoudig daardeur gaan - maar gelukkig saam met Jesus! Hulle almal was deel van die 42 maande swaarkry wat al sedert Jesus se Hemelvaart hier op aarde aan die gang is."

Stephan Joubert verklaar onomwonde, "Die kerk het nog altyd verdrukking ervaar." **Jesus Christus** verklaar onomwonde, "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie." (Matteus 24:21). **Wie is die leuenaar? Wie moet ons glo?**

Ek sou dink dat as enigeen Stephan Joubert glo, is hy of sy nie besig om met die grootste respek van God te praat en Hom te eer nie. Hulle is in werklikheid besig om God op allerlei gruwelike wyses te verontheilig omdat hulle Hom tot leuenaar maak en dus gelykstel aan die vader van alle leuens, Satan self.

JOHANNES 8:44.

"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaalk praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan."

Jesus verwys na drie tydsebestekke nl. die verlede (die begin van die wêreld), die hede (toe Hy hierdie woorde geuiter het) en die toekoms wat gevolg het op sy uitspraak (tot aan die einde van die wêreld). Desnieteenstaande versuim Joubert om dit te glo want sý groot verdrukking begin ná Jesus se Hemelvaart en nie by die begin in Genesis nie, soos Jesus so helder en duidelik verklaar het. Syns insiens is die vervolging, verdrukking, en marteling van Christene soos Jakobus; Stefanus; Petrus en Paulus die ergste wat nog ooit plaasgevind het.

Wat hy uit die oog verloor is dat die sewejarige verdrukking nie gaan om die verdrukking van Christene perse nie, hoewel dit ook 'n deel daarvan sal uitmaak onder die mense wat tydens die sewejarige verdrukking tot bekering sal kom en sal weier om die Antichris se merk te neem. Die sewejarige verdrukking is per definisie God se regverdige oordele oor die ganse mensdom, en veral oor Israel met die doel om hulle tot bekering te lei. **Daarom skryf die profeet Jesaja,**

JESAJA 26:9.

"Met my siel begeer ek u in die nag; ook met my gees in my binneste soek ek U; want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid."

Dit geld natuurlik nie vir alle ware gelowiges wat tans die Liggaam van Christus is nie,

OPENBARING 3:10.

"Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel."

In elk geval, die woord **"dan"** dui op iets wat ná sekere voorafgaande gebeure plaasvind. Dit is ooglopend duidelik dat Jesus se Hemelvaart nêrens in die voorafgaande gebeure soos dit in Mattheus 24:3-28 beskryf word, genoem word nie. Maar, Joubert se verbeeldingsvlugte gee hom insigte wat ander gewone Bybel lesers nie het, en hom dus die reg gee om Jesus se Hemelvaart in die genoemde gedeelte in te lees. Streng gesproke kan die vervolging, marteling en moorde op Christene ná Jesus se Hemelvaart dus nie die groot verdrukking wees nie omdat hierdie gebeure in die **"nooit sal wees nie"** gedeelte van Mattheus 24:21 val en nie Jesus se Hemelvaart nie.

ONTKENNING VAN DIE BESTAAN VAN DIE TWAALF STAMME VAN ISRAEL

Enigeeen wat God se plan m.b.t. Israel, en spesifiek die twaalf stamme se bestaan ontken, verwerp na regte soveel as twee derdes van God se Woord. Inderdaad, die naam **"Israel"** verskyn nie minder nie as 2576 keer in 2301 verse van die Bybel.

Daarbenewens, rus daar 'n vloek op elkeen wat Israel vervloek.

GENESIS 12:2-3.

"En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word."

Volgens Joubert het daar net twee stamme van die twaalf oorgebly, Juda en Benjamin. Die ander tien het in die niet verdwyn. Nie volgens Jakobus, Jesus se broer nie, wat as 'n dienskneg van Jesus aan die twaalf stamme in die verstrooiing geskryf het.

JAKOBUS 1:1.

"Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete!"

Óf Jakobus was so 'n bietjie van lotjie getik, óf hy het jammerlik verleer om van een tot twaalf te tel en dus net tot twee kon tel. Hoe dit ook al sy, Joubert sal waarskynlik kapsie maak en verduidelik dat hy nog nooit vir Israel vervloek het nie. **Regtig?** Een van die betekenisse van "qâlal" (om te vervloek) is om "te verminder," en dit is juis wat Joubert doen. Hy verminder twaalf na twee.

Soos reeds vermeld, verwerp iemand wat Israel en spesifiek die twaalf stamme se bestaan ontken 'n baie groot deel van die Bybel. 'n Voorbeeld hiervan is Stephan Joubert se verwerping van die profesie in **Esegiël 37** waar God die profeet beveel om oor die groot menigte doodsbeendere in 'n vallei te profeteer.

"Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here HERE, U weet dit. Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE! So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word. En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is. "Toe sê Hy vir my: Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!" (Esegiël 37:33-6, 11).

Neem kennis: Dit is God wat hier praat maar, o wee, Stephan Joubert noem hierdie profesie waarsêery omdat dit nie binne die tydraam van 'n geslag vervul is om as 'n egte profesie te kwalifiseer nie, en dit nog steeds nie in vervulling gegaan het nie.

God sê die verdorde doodsbeendere (die hele huis van Israel) sal weer lewendig word sodat hulle kan weet en erken dat HY die HERE is. Nee sê Joubert, die tien stamme van Israel is 'n klomp verdorde doodsbeendere en sal nooit weer lewendig word nie. En daarmee wil hy eintlik sê dat God nie die HERE is nie? Is dit die Moltmann-gees wat deur hom praat wat glo en verkondig dat God nog nie volledig God is nie; nog nie volledig die Messias is nie?

Meer nog, **Jeremia 31:31-33** en **Esegiël 37:15-28** is Stephan Joubert se wolhaarstorie dat die oorspronklike twaalf stamme van Israel nie meer bestaan nie en dat net Juda en Benjamin oorgebly het, se doodsteek.

ESEGIEL 37:15-19.

"Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote. Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand. En as die kinders van jou volk met jou spreek en sê: Sal u ons nie te kenne gee wat u met hierdie dinge bedoel nie? sê dan vir hulle:

So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal die stuk hout van Josef neem, wat in die hand van Efraim is, en die stamme van Israel, sy bondgenote, en Ek sal hulle by hom voeg, by die stuk van Juda, en hulle een stuk hout maak; en hulle sal een word in my hand."

ONTKENNING DAT ALLE BELOFTES VAN GOD JA EN AMEN IS IN CHRISTUS JESUS

Profesieë soos hierbo is almal ja en ook amen in Jesus Christus.

2 KORINTHIËRS 1:20.

"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons."

Dit beteken dat net so seker soos wat Christus gekruisig, opgestaan, en opgevaar het na die hemel en nou sit aan die regterhand van Sy Vader, net so seker sal Hy al Sy beloftes aan Israel as volk (twaalf stamme) volkome vervul. Enigee, en dit sluit Stephan Joubert en Jan der Watt in, wat dit ontken is nie besig om met die grootste respek van God te praat nie maar om Sy Naam liederlik te ontheilig.

Nee stop, sê **Joubert en van der Watt.** Dis darem 'n bietjie te dik vir 'n daalder. Kom ons vereenvoudig **Lukas 11:2** na **"Vader, mag mense met die grootste respek van U praat en U so eer."** sodat dom Afrikaners dit kan verstaan en nie weet wat **"Laat U Naam geheilig word"** so lekker beteken nie."

Die woord **"mag"** is 'n voor-veronderstelling en nie 'n voldonge feit nie. Dit spreek die wens uit dat mense God met die grootste respek mag eer maar daar is hoegenaamd geen sekerheid dat mense dit ooit so sal doen nie. Trouens, die Here sê dat dit erger sal word in die laaste dae en dat pretensie-Christene sy heilige Naam toenemend sal onteer. Het die wêreldse nasies alreeds die grootste respek vir die Naam van God en eer hulle Hom so? Dit is m.a.w. 'n tipe mog-het-trofte gebed. Daarenteen is **"Laat U Naam geheilig word"** nie 'n lukrake gebed nie. God se Naam sal nog in die toekoms hier op aarde behoorlik en volgens God se wil deur alle mense [nasies] geheilig word.

Watwou! Nie eens Christene praat altyd met die grootste respek van God nie, miskien nie so direk nie, maar hulle doen dit so onderlangs wanneer hulle met die grootste respek praat van mense wat God nie eer en respekteer nie, wat sy Woord verwring en verdraai en sodoende onteer. Stephan Joubert is 'n ou kalant in hierdie trant wanneer hy met die grootste respek van valse leraars praat.

Soos hy het Jan van der Watt blykbaar ook geen voorbehoude om luilekker in die geselskap van dwaalleraars sy eie unieke eierdans te doen nie. So byvoorbeeld het hy op Radio Sonder Grense en Radio Kansel Prof. Pieter de Villiers, professor in spiritualiteit by KOVSIES, as gas onthaal om die boeke en kontemplatiewe spiritualiteit van onder andere Thomas Merton en Henri Nouwen te bespreek en by die luisteraars aan te beveel.

Om u 'n voorsmakie te gee hoe en met wie Joubert en van der Watt heul in hulle respek en eervolle praatjies van God, haal ek vir u aan wat **Thomas Merton** geglo het.

"In die senter van ons wese is daar 'n puntjie van niksheid wat onaangetas is deur sonde en illusie, 'n spikkeltjie van suiwer waarheid, 'n sone of vonkie wat geheel en al aan God behoort, wat nooit tot ons beskikking is nie, waaruit God ons lewens bestuur, wat ontoeganklik is vir die fantasieë [aka verbeeldingsvlugte van Stephan Joubert] van ons eie gemoed of die brutaliteite van ons [eie] wil. Hierdie spikkeltjie van niksheid en van absolute armoedigheid is die suiwer heerlikheid van God wat in ons geskrywe is, as ons armoedigheid, as ons hulpbehoewendheid, as ons seunskap. Dit is soos 'n suiwer diamant wat met die onsigbare lig van die hemel gloei.

Dit is in almal, en as ons dit kon sien, sou ons hierdie biljoene ligpunte wat saamkom in die gloeiende aangesig van die son kon sien wat alle duisternis en wreedheid van die lewe totaal in die niet laat verdwyn. Ek het geen program vir hierdie sien (aanskouing) nie. Dit is alleenlik 'n gawe. Maar, die poort van die hemel is oral [sigbaar]."
(Merton, *Conjectures of a Guilty Bystander*, 154-155).

Thomas Merton het verwys na biljoene ligpunte wat saamkom om die duisternis en wreedheid van die lewe geheel en al oorweldig en in die niet laat verdwyn. Waar kom hierdie "ligpunte" vandaan?

11.DIE "MACARTHER " STUDIE BYBEL.

Die sogenaamde "MacArther" studie Bybel. Daar is baie swak studie Bybels, maar omrede hierdie verhandeling gaan oor verskillende vertalings en nie Studie Bybels nie het ek my net by vertalings gehou. Die "MacArther" studie Bybel is egter 'n ander saak en ek is genoodsaak om dit by hierdie verhandeling in te sluit. Dis een van die studie Bybels wat wemel van dwalings asook swak teologie. Hierdie Bybel is saamgestel deur Dr.J.F.McArthur. In die inleiding van hierdie Bybel lees ons die volgende.

"GOD'S TRUTH IS THE MOST IMPORTANT THING IN THE WORLD."

Tog het McArthur gegaan en die waarheid van die woord van die Here totaal gaan verdraai en korrup gemaak. Daar is wel baie wonderlike leringe in die studie Bybel soos daar ook wonderlike goed by die Jehovas en Mormone is. Ons kan egter vra; **"Hoekom na 'n appel soek in 'n vuilisdrom?"** Tussen hierdie wonderlike leringe lê daar dodelike gif wat die siel hel toe kan sleep.

As Dr. McArthur verkeerd is (en hy is) oor saligheid en die bloed van Christus, dan is hy verkeerd oor baie ander dinge ook. McArthur se studie Bybel is gebasseer op die **"New King James"** vertaling. Die **"NKJV"** is net so vrot en korrup as die **"New International"** vertaling.

Die "NKJV" het dieselfde foute as die "NIV" in vergelyking met die KJV. Die "NKJV" is gebaseer op die korrupte "Westcott and Hort" soos verskeie ander vertalings. Die "NKJV" is 'n gevaarlike vertaling want dit verdraai die woord van die Here. As 'n voorbeeld, die vertalers van die "NKJV" neem Matteus 7:14 en verander die woord "narrow is the way" na die woord "difficult is the way". Daar is niks moeilik aan die pad van saligheid nie. Dit word vrylik aan ons geskenk deur Jesus Christus. Die Nou weg verwys na die heiligheid van hierdie leefstyl van die kind van die Here. Die eerste en grootste fout van hierdie studie Bybel die sogenaamde "MacArthur's Revised and Updated Study Bible" is dat hy hierdie werk grond op 'n gevaarlike en korrupte vertaling. Dis interessant dat McArthur homself uit spreek teen verskeie dinge maar nooit teen verkeerde Bybel vertalings nie. Die "KJV" sê die volgende;

2 CORINTHIANS 2:17.

"For we not as many which CORRUPT the word of God."

Die "NKJV" verander dit na die volgende.

2 CORINTHIANS 2:17.

"For we are not, as so many, PEDDLING the word of God"

Ons lees op bladsy 1766 van die studie Bybel die volgende;

"Van 'n gr. werkwoord wat beteken "om te korrupteer," het hierdie woord verwys na korrupte skelms, of bedrieërs wat deur hul slimheid en misleiding 'n minderwaardige produk wat net 'n goedkoop nabootsing was, as eg kon verkoop. Die valse leraars in die kerk het met slim, bedrieglike retoriek gekom om 'n gedegradeerde, vervalste boodskap aan te bied wat heidendom en Joodse tradisie vermeng. Hulle was oneerlike mans wat persoonlike wins en aansien gesoek het ten koste van ewangeliewaarheid en mense se siele.

McArthur's kommentaar soos die woord "**Peddling**" neem die leser se gedagte weg van die feit dat daar verskeie valse Bybels in die omloop is. Die frase "**peddling the Word of God**" het net 'n negatiewe verwysing na diegene wat gierig is en iets het om te verkoop. Die Griekse bedoeling van hierdie woord in die teks "**kapeleuo**" is "**korrupt**" en dit is uiters oneerlik van die vertalers van die "**NKJV**" om dit te vervang met die woord "**smous**" want dit is wat "**peddling**" beteken. Hierdie woord is 'n onvolledig weergawe van die Griekse woord en dra nie die bedoeling van die Grieks oor nie. MacArthur is ook oneerlik om hierdie vertaling te gebruik.

Die vers veroordeel nie net diegene wat met die Bybel smous nie, maar veroordeel diegene wat die Bybel korrup maak en dan daarmee smous. MacArthur het genoeg geestelike insig om kultusse soos die Jehovas en die Mormone te onbloot, maar nie om te sien watter Bybels verkeerd is nie. Hierdie is een van die groot foute in die MacArthur studie Bybel. Hy is blind vir die foute van verkeerde Bybels. Ons lees die volgende in Psalm 12:7.

KJV PSALM 12:7-8.

"The words of the LORD are pure words: as silver tried in a furnace of earth, purified seven times. Thou shalt keep them, O LORD, thou shalt preserve them from this generation for ever. The wicked walk on every side, when the vilest men are exalted."

PSALM 12:7-8.

"Die woorde van die HERE is rein woorde, silwer wat gelouter is in 'n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal. U, o HERE, sal hulle bewaar; U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig."

Hier belowe die Here dat Hy Sy woord sal bewaar ten alle koste. Blykbaar het MacArthur nie regtig geweet wat hier bedoel word nie want sy kommentaar op hierdie gedeelte sê niks nie.

MacArthur se kommentaar.

"Die vyandige realiteite van vers 8 vra die hemelse hulpbronne van vers 7" SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 752.

MacArthur vermy hierdie gedeelte geheel en al omrede hy een van die korrupte Bybels gebruik. Dr. MacArthur verloën ook die bloed van Christus. In die April 1986 uitgawe van "**Faith For The Family**" haal hulle 'n vorige artikel van 1976 aan.

"Dit was Sy dood wat doeltreffend was ... nie Sy bloed nie ... Christus het nie doodgebloei nie. Die vergieting van bloed het niks met bloeding te doen gehad nie ... dit beteken eenvoudig dood ... Niks in Sy menslike bloed red ... Dit is nie Sy bloed wat ek liefhet nie ... dit is Hy. Dit is nie Sy bloeding wat my gered het nie, maar Sy sterwe."

MacArthur het ook die volgende gesê;

"Dit is nie die werklike vloeistof wat ons van ons sondes reinig nie, maar die werk van verlossing wat Christus volbring het deur dit uit te stort." -Dr. John MacArthur

SOURCE:

<http://www.spurgeon.org/~phil/articles/blood.htm>

Eksodus 12:13 sê die volgende;

"Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."

Hierdie skrif word geignoreer deur MacArthur. Dit is kommerwekkend dat 'n evangeliese prediker die belangrikste lering van die Bybel verloën. Wat is die nut van 'n studie Bybel wat hierdie waarheid verloën?

1.PETRUS 1:18-19.

"omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"

KJV.

"Forasmuch as ye know that ye were not redeemed with corruptible things, as silver and gold, from your vain conversation received by tradition from your fathers; But with the precious blood of Christ, as of a lamb without blemish and without spot:"

MacArthur sê die volgende;

"Die prys wat aan 'n heilige God betaal is, was die vergote bloed van sy eie Seun." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1941.

Dit klink asof hy nou reg is, maar hoe verstaan hy hierdie gedeelte.

Ons sien sy siening in sy kommentaar oor Hebreërs 9:22.

"En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie."

KJV.

"And almost all things are by the law purged with blood; and without shedding of blood is no remission."

MacArthur sê;

"Vergieting van bloed" verwys na die dood." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1912.

Ons kan aan neem dat God hier nie "dood" bedoel nie, anders sou Hy gesê het "dood". Christus se maagdelike geboorte, sondelose lewe, dood, begrafnis en liggaamlike opstanding, alles lei na waar Hy Sy fisiese bloed op die genadetroon sprinkel. Hierdie waarhede word egter heftig deur MacArthur ontken.

Ons lees in Hebreërs 9:12 die volgende;

"ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring."

KJV.

"Neither by the blood of goats and calves, but by his own blood he entered in once into the holy place, having obtained eternal redemption for us."

MacArthur se kommentaar;

"'n Beter vertaling sou wees "deur Sy eie bloed." ... Niks word gesê wat sou aandui dat Christus Sy werklike fisiese bloed saam met Hom na die hemelse heiligdom gedra het nie." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1910

Die teenoorgestelde word egter hier gesê;

HEBREËRS 9:21-24.

"En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens net so met die bloed besprinkel. En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;"

Die woord "bloed" kom 12 keer voor in hierdie hoofstuk. Ons sien ook hier dat die Ou Testamentiese Tabernakel 'n skadubeeld is van die Hemelse Tabernakel. Net soos die Ou Testamentiese Hoëpriester die fisiese bloed van die lam na die fisiese altaar geneem het, so moes Jesus Christus Sy fisiese bloed na die hemelse Tabernakel geneem het. MacArthur is totaal verkeerd. In Hebreërs 9:12 is die woorde "ook nie met die bloed van bokke". MacArthur beweer dat die vertaling "maar met sy eie bloed" verkeerd was en eintlik moes wees "through His own blood." As hy reg is dan moet ons die frase "ook nie met die bloed van bokke". Vervang met die woord "deur".

Nou is die vraag, "Hoekom vereis die Here dat die bloed op die genadetroon moet wees?"

LEVITIKUS 17:11.

"Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel."

KJV.

"For the life of the flesh is in the blood: and I have given it to you upon the altar to make an atonement for your souls: for it is the blood that maketh an atonement for the soul."

Dr. MacArthur kan nie hierdie waarheid insien nie.

Hier is **MacArthur** se kommentaar op Levitikus 17:11. Spesifiek die gedeelte wat sê "siel van die vlees is in die bloed".

"...die vergieting van bloed verteenwoordig die vergieting van lewe, d.w.s. die dood ... NT verwysings na die vergieting van die bloed van Jesus Christus is verwysings na Sy dood."

SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 178.

Daar is geen so 'n lering in die Bybel nie. John MacArthur het hierdie gefrabikeer uit sy eie denke uit.

HEBREËRS 9:6-7.

"En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul, maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan—"

Hoe kan MacArthur so naïve en on-Bybels wees om te kleim dat dit nie nodig was dat die bloed van Christus na die genadetroon geneem word nie, in die gesig van soveel Bybelse bewyse. Die volgende aanhaling wys dat MacArthur nie konsokwent in sy redenering is nie.

Sy kommentaar op **HEBREËRS 9:7.**

"...die vergieting van bloed op sigself is 'n onvoldoende offer. Christus moes nie net Sy bloed vergiet nie, maar om te sterf ... Sonder Sy dood het sy bloed geen reddingswaarde gehad nie." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1910.

Terwyl dit waar is dat die dood van Christus absoluut noodsaaklik was vir die verlossings daad van Christus aan die kruis, gebruik MacArthur hierdie feit in die Bybel om die krag van die fisiese bloed van Jesus af te maak as niks.

Hebreërs 9:7 praat nie van die "dood" van die offer dier nie, maar van die "bloed" van hierdie dier. Die waarheid is dat die maagdelike geboorte, sondelose lewe, verskriklike dood, begrafnis en opstanding in die geheel totaal gelyk met mekaar staan. Die een kan nie sonder die ander een nie. Die rede is dat hierdie eenheid dan lei tot die oomblik wat Christus se bloed op die genadetroon geplaas word. Dit wil voorkom asof die hele "studie" Bybel van MacArthur teen die bloed vn Christus is. Dis 'n baie subtiele aanslag maar tog 'n dodelike aanslag.

1 PETRUS 1:18-19.

"omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"

Nou kan ons vra; Hoe kan Christus se bloed "kosbaar" wees as dit MacArthur voorgee dat dit geen waard het nie, maar net Christus se dood enige waarde het, terselfdertyd verwys hy op ander plekke na die bloed wat "kosbaar" is? Die bloed van Christus is baie kosbaar vir die ware gelowige omrede ons glo in die letterlike verlossings krag van die bloed om ons te verlos van ons sonde.

1 JOHANNES 1:7.

"Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."

KJV.

"But if we walk in the light, as he is in the light, we have fellowship one with another, and the blood of Jesus Christ his Son cleanseth us from all sin."

John MacArthur kommentaar oor hierdie vers raak nie eers aan die bloed nie. Hoe kan enige iemand hierdie vers lees en nie opgewonde raak nie?? Ek kan verstaan dat "vloeibare bloed" sonde kan wegwas, maar hoe die dood dit kan doen is onverstaanbaar.

OPENBARING 7:14.

"En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam."

In die lig van bogenoemde skrif is dit onverstaanbaar dat MacArthur nog steeds die waarde van die bloed weg redeneer. Behalwe dat hy in hierdie studie Bybel die krag van die bloed van Christus minag, verdraai hy die skrif om die sogenaamde "Lordship Salvation" lering aan te bied.

Ons lees in Handeling 2 die volgende:

HANDELING 2:38.

"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."

Rondom die woord "bekeer" het **MacArthur** die volgende te sê: "Opregte bekering weet dat die boosheid van sonde verlaat moet word en die persoon en werk van Christus totaal en alleen omhels moet word." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1637.

MacArthur maak redding baie moeilik. Die vraag is; Moet 'n persoon die volle werk van Christus "omhels" om gered te word?

Dis nie wat Romeine sê nie:

ROMEINE 12:1.

"Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens."

Dis duidelik dat die christene in Romeine nie totaal toegewy was nie, maar hulle was gered. Volgens MacArthur moet 'n mens geheel en totaal toegewy wees om gered te word. Jy moet die saligheids plan soos dit gebeur het aan die kruis ten volle verstaan om gered te word. Wie van ons na jare van leef vir Christus verstaan en omhels alles wat daar gebeur het? Saligheid is 'n vrye gawe van God af en benodig net geloof. MacArthur stem daarmee saam maar voeg allerhande ander bestandele ook by. Neem in ag die kerk van Korintheërs. Dit wil voorkom asof hulle niks verstaan het nie.

1 KORINTHIËRS 3:1.

"En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus."

Wanneer ons hierdie briewe van Paulus aan die Korintheërs deeglik bestudeer dan merk ons op hoe erg hulle regtig was. Hulle het mekaar gedagvaar. Hulle het na die nagmaal gekom - dronk. Hulle het baie argumente tussen mekaar gehad. Owerspel was aan die orde van die dag. Hulle het selfs vleis ge-eet wat aan afgode geoffer was. Volgens die sogenaamde **"Lordship Salvation"** het nie een van hierdie gekwalifiseer vir redding nie, tog noem Paulus hulle **"babas in Christus"**.

Ons lees ook die volgende:

ROMEINE 10:9.

"As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;"

KJV.

"That if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved."

Kom ons kyk wat sê **MacArthur** van hierdie skrif.

"Dit is die diep persoonlike oortuiging, sonder voorbehoud, dat Jesus daardie persoon se eie meester of soewerein is. Hierdie frase sluit in om van sonde te bekeer, op Jesus te vertrou vir redding en om aan Hom as Here te onderwerp."

SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1637.

MacArthur maak hier gebruik van **"inlegkunde"** om iets te sê wat die skrif nie sê nie. Die Bybel maak saligheid nie moeilik nie maar gebruik die woord **"nou"** om die pad te beskryf. Daar is nie baie wat die prys van Christus aanvaar nie, nie omrede dit moeilik is nie, maar omrede hulle nie gewillig is om dit te aanvaar nie.

Dit maak MacArthur se siening onwaar. In skerp kontras teenoor MacArthur se siening is die Bybel baie duidelik dat enige sondaar na Christus kan kom vir vergifnis en redding.

JOHANNES 3:16.

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

Ons sien niks hier van 'n *"This is the deep personal conviction"*. Al wat ons hier sien is dat God het lief, God het gegee. Ons glo en ons ontvang. Natuurlik is daar dieper dinge van die Here wat ons leer soos ons in Hom groei, maar dit is nie waar ons begin nie. Die sondaar kan nie 'n *"diep verstaan"* van die kruis hê voordat hy nie glo nie en gered is nie. In die *"MacArthur Studie Bybel"* sien ons 'n kommentaar wat absoluut korrek is en dan volg daar weer een wat van die pad af is.

ROMEINE 4:5.

"aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken."

KJV.

"But to him that worketh not, but believeth on him that justifieth the ungodly, his faith is counted for righteousness."

Kom ons kyk nou na die kommentaar.

"As verlossing op die basis van 'n mens se eie poging was, sou God redding as 'n skuld verskuldig was - maar redding is altyd 'n soewerein gegewe gawe van God se genade (3:24; Ef, 2:8,9) aan diegene wat glo." SOURCE: The Revised and Updated edition of The MacArthur Study Bible, Thomas Nelson publishers, page 1699.

Hierdie kommentaar is absoluut korrek vir 'n verandering. Hier lyk dit asof MacArthur nie die **"Lordship Salvation"** onderskryf nie, maar dit is ver van die waarheid.

Kyk wat sê hy oor die volgende vers.

1 JOHANNES 5:13.

"Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."

KJV.

"These things have I written unto you that believe on the name of the Son of God; that ye may know that ye have eternal life, and that ye may believe on the name of the Son of God."

"Die valse broers se vertrek het Johannes se gemeentes geskud (2:19). Hy het die wat oorgebly het, verseker dat aangesien hulle aan die grondbeginsels van die geloof ('n behoorlike siening van Christus, gehoorsaamheid, liefde) vasgehou het, hulle redding seker was."

Hier gee MacArthur die indruk dat 'n gelowige se saligheid rus op die lewe wat hy leef. Die gelowige se saligheid rus op dit wat Christus aan die kruis gedoen het en sy fokus op hierdie prys. Iemand wat vandag absoluut nie in Christus glo nie, maar kleim dat hy op 'n tyd 'n christen was, lieg. Die wedergeboorte is net so onomkeerbaar soos wat die fisiese geboorte is. Wanneer iemand wedergebore word, word hy deel van God se familie en sal dit nooit verlaat nie. Hy sal nie groei in genade op genade. Die sogenaamde *"volharding van die geloof"* is 'n valse Calvinistiese leerstelling. Die *"NKJV"* voeg die woord *"continue"* by en dit verander die hele gedagte.

KJV.

1 JOHN 5:13.

"These things have I written unto you that believe on the name of the Son of God; that ye may know that ye have eternal life, and that ye may believe on the name of the Son of God."

NKJV.

1 JOHN 5:13.

"These things I have written to you who believe in the name of the Son of God, that you may know that you have eternal life, and that you may continue to believe in the name of the Son of God"

Hierdie is 'n valse lering. Daar is nie so iets in die Bybel nie dat 'n ware gelowige ophou om in Christus te glo nie. Ons het nie nodig om aan te hou in die geloof om gered te wees nie, ons hou aan in die geloof omdat ons gered is. Dit beteken nie dat ons nie moedeloos sal word nie, maar ons sal deur alle omstandighede kom omdat ons gered is. Daar is verskeie plekke waar MacArthur homself weerspreek.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld.

Hier is 'n kommentaar oor Hebreërs 12:14.

"Ongelowiges sal nie aangetrokke wees om Christus te aanvaar as gelowiges se lewens nie die eienskappe wat God begeer demonstreer nie, insluitend vrede en heiligheid."

BRON: Die Hersiene en Bygewerkte uitgawe van TheMacArthur Study Bible, Thomas Nelson-uitgewers, bladsy 1920.

In 'n van sy ander boeke sê hy die volgende oor die selfde vers. "Ewige sekuriteit is 'n groot geestelike waarheid, maar dit moet nooit bloot aangebied word as 'n kwessie van een keer gered, altyd gered nie - sonder om te let op wat jy glo of doen. Die skrywer van Hebreërs 12:14 sê eerlik dat slegs diegene wat voortgaan om heilige lewens te leef, die Here se teenwoordigheid sal ingaan." SOURCE: Kingdom Living Here and Now (pg. 150).

Beide kan nie reg wees nie. Die kenmerk van MacArthur se boeke is verwarring, weerspreekings en swak teologie. Ek glo dat daar genoeg gesê om die leser te oortuig om weg te bly van die "MacArthur Study Bible".

12.DIE "NEW KING JAMES" VERTALING.

Die "NKJV" is nie 'n "King James" Bybel nie. Dit verander duisende woorde, verwoes belangrike verse en is nie in ooreenstemming met die "KJV" nie. Ook moet ons onthou dat diegene wat die "NKJV" vertaal het, nie glo in die onfeilbaarheid van die Bybel en dat God Sy woord bewaar het nie. Dit is baie nader aan die korrupte vertalings soos die "NIV,NASV,RSV". Dis 'n feit dat Bybel vertalings verskil van hoe om sekere woorde te vertaal omrede daar van verskillende grondtekse gebruik gemaak word.

Byvoorbeeld in Handeling 3:26 word die volgende gesê:

ACTS 3:26

"Unto you first God, having raised up his Son Jesus, sent him to bless you, in turning away every one of you from his iniquities."

Die "NKJV" sê egter "Servant." en nie "Seun" nie. Die veranderde woord verander die hele gedagte van die vers en maak van Jesus 'n dienaar soos wat ons is, niks meer nie. *Ons kan dus vra;* Wat is reg? Is Hy die "Seun" of net 'n "dienaar"? Veranderde woorde verander tekse. Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld van veranderde woorde. Die gebruikelike "thee" en "thou" en "ye" is verander sodat dit makliker lees.

EXODUS 16:28.(NKJV).

"And the LORD said to Moses, "How long do you refuse to keep My commandments and My laws?"

Dit lyk in hierdie vers asof God sê dat Moses nie Sy gebooe onderhou nie. Kom ons kyk na die **"KJV"**.

EXODUS 16:28.(KJV).

"And the LORD said unto Moses, How long refuse ye to keep my commandments and my laws?"

Die woordjie **"ye"** verander die vers egter en nou sien ons dat God na die volk verwys het want **"ye"** verwys na meer as een persoon. **"Thee, thou, thy, thine, doeth, hast,"** het die verwysing na net een persoon. Die **"y"** is meervoudig en die **"t"** is enkelvoudig. Wanneer ons Johannes 3:7 in die **"KJV"** lees dan sien ons dat Jesus die **"y"** gebruik en dus na die hele mensdom verwys. As dit nou met **"you"** vervang word soos die **"NKJV"** doen dan beperk dit hierdie woord na net Nikodemus. Kom ons kyk na nog 'n woord wat verander is - **"Gehenna"**. Die **"NKJV"** kleim dat dit meer akuraat is om die woorde **"Gehenna, Hades" en "Sheol"** onvertaald te laat. Hierdie woorde word gewoonlik met die woord **"hel"** vertaal wat duidelik verstaanbaar is. Die deursnee leser van die Bybel verstaan nie hierdie sogenaamde **"onvertaalde"** woorde nie.

Kom ons kyk na nog 'n paar voorbeelde.

2 CORINTHIANS 2:17.(KJV).

"For we are not as many which corrupt the word of God"

2 CORINTHIANS 2:17. (NKJV).

"peddling the word of God" (like the NIV, NASV and RSV)

TITUS 3:10.(KJV).

"A man that is an heretick after the first and second admonition reject"

TITUS 3:10.(NKJV).

"Reject a divisive man" (like the NIV)

1 THESSALONIANS 5:22.(KJV).

"Abstain from all appearance of evil."

1 THESSALONIANS 5:22.(NKJV).

"Abstain from every form of evil." (like the NAS, RSV and ASV)

ISAIAH 66:5.(KJV).

"Hear the word of the LORD, ye that tremble at his word; Your brethren that hated you, that cast you out for my name's sake, said,

Let the LORD be glorified: but he shall appear to your joy, and they shall be ashamed." [This means that the LORD shall appear, which shall occur at the Second Coming of Christ.]

ISAIAH 66:5.(NKJV).

"Hear the word of the LORD, you who tremble at His word: "Your brethren who hated you, who cast you out for My name's sake, said, 'Let the LORD be glorified, that we may see your joy.' But they shall be ashamed." (Like the NIV, NASV, RSV and ASV, the Second Coming is wholly omitted from this scripture.)

